# STROOM-OP

KWARTAALBLAD VAN DIE AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL EN DIE AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL SEPTEMBER 1973


# JUFFROU WAGNER — ONS SAL ONTHOU



Stroom-op bring hulde aan 'n vrou wat nooit te besig was vir 'n vriendelike woordjie nie.

**Hendrine de Wit.**

Die skielike afsterwe van Mej. Wagner was vir die Afrikaanse Hoër Meisieskool 'n geweldige slag.

As prefekte, het ons haar leer ken as 'n lieftallige persoon wat altyd bereid was om te help waar sy kon en as 'n doelgerigte mens wat hoë ideale gekoester het. Deur haar eerlikheid en sterk sin vir regverdigheid het sy vir ons 'n smetlose voorbeeld gestel.

Ons bring hulde aan ons juffrou Wagner wat deur die jare so baie vir ons beteken het. In die hart van die Afrikaanse Hoër Meisieskool sal sy voortlewe.

Ons is dankbaar dat ons haar geken het.

**Fleur de Wet 10A**

Ek het dit as vanselfsprekend aanvaar dat ek Juf. Wagner aan die einde van die jaar sou gaan groet en bedank vir alles wat sy tydens my skoolloopbaan vir my gedoen het. Ek het ook aanvaar dat Juf. Wagner volgende jaar die gemeenskaplike band tussen my en oud-Affies sou wees, want watter Affie is daar wat Juf. Wagner nie geken het nie?

Alhoewel ek Juf. Wagner nie meer kan bedank nie, sal ek nooit vergeet wat sy alles vir my gedoen en beteken het nie. Juf. Wagner was streng gewees maar uiters regverdig – so regverdig en op die man af, dat dit soms diep getref het.

Ek sal Kamer 13 en Juf. Wagner se kantoor nooit vergeet nie, maar behalwe dit, sal ek haar altyd onthou. Ek is seker dat die Afrikaanse Hoër Meisieskool Juf. Wagner sal onthou as een van die grootste mense in die geskiedenis van ons skool.

**A. Hauman**

U was 'n vrou wat elke dogter kan hoop om eendag te wees. U het nie kinders van u eie gehad nie, tog is elke dogter wat die afgelope dertig jaar deur u hande is, 'n kind van u.

U het vir my, en vele ander, die waarde van vriendelikheid, bedagsaamheid, volharding en pligsgetrouheid geleer.

Affies sê Baie Danie

**Leigh de Beer**

**AAN JUFFROU WAGNER**

*U het u lewe gewy*
*aan 'n skool, sy roem*
*U tyd, u intellek*
*vrywilliglik gegee*
*geen prys het u gevra*
*net maar liefde en trou*
*uit 'n eerlike hart geskenk.*
*Stil en nederig het u deur*
*die lewe gegaan sonder pretensie*
*sonder smuk – en nou*
*dat u van ons af weg is*
*weet ons u was 'n skone roos*
*uit Gods tuin self gepluk.*

**Lianda Beyers**

Net so mooi as die jeug en sy jonkheid was sy, want in haar grysheid was iets duursaams wat net met die jare kom, en in haar siel die onuitblusbare skoonheid van die jeug.

Wanneer ek aan Juf. Wagner dink, onthou ek 'n klein ou vroutjie, skaars twee bakstene hoog en die dierbaarheid self. Sy was altyd reg om te help wanneer iemand probleme gehad het en hoewel sy self ons prefekte gereeld uitgetrap het, was sy gou op haar perdjie as iemand iets slegs van ons sê.

Affieland was bevoorreg om so 'n onderwyseres te hê en ons is dankbaar daaroor en sal haar nog lank onthou.

**Annelize Odendaal**

# GELUK!

Op 'n tydstip wanneer ons hele perswese baie aandag geniet ontstaan die vraag onwillekeurig: hoe is dit met Affies se eie koerant gesteld? Die antwoord hierop is insiggewend en gerusstellend.

Stroom-op is vanjaar 'n koerant! Sy Administrasie het gesorg vir die advertensies terwyl die Redaksie hulle taak nouletttend en ondernemend uitvoer.

Die standpunte in die blad gestel is behoudend en opbouend. Van blote napraat is daar egter nie sprake nie, en dit is goed so, want dan sou Stroom-op geen bestaansreg hê nie.

My wens is dat hierdie mooi blad van krag tot krag sal gaan.

Gelukgewens met die baie wat vanjaar reeds bereik is!

**J.D.V. Terblanche**

# *AFFIES WORD 'n GEMENGDE SKOOL!*

**Die hartewens van menige Affie is uiteindelik bewaarheid: A.H.S. het 'n „gemengde" skool geword! Maar helaas, moenie opgewonde raad nie, dit was net tydelik.**

**Hierdie evrousipasie van A.H.S. het plaasgevind as gevolg van die operette wat ons verlede week aangebied het, en wat 'n geweldige sukses was.**

Verlede jaar het Affies kermis gehou en omrede die hartlike samewerking vanaf alle kante, was dit 'n reuse sukses waarvan ons nou die rype vrugte pluk. Vanjaar is daar besluit om 'n operette aan te bied, en dit is met trots dat ons kan konstateer dat dié poging gekulmineer het in „een van die hoogtepunte van die jaar."

Die keuse van 'n geskikte stuk was 'n moeilike een. Van almal het „Prys vir 'n Meisie" van Anna Rudolph met musiek deur Pierre de Villiers die meeste uitdaging gebied. Die feit dat feitlik die helfte van al die rolle deur meisies vertolk moes word, het duidelik getoon dat die vaardigheid van beide die afrigters en akteurs tot op die uiterste op die proef gestel sou word.

Onder die bekwame leiding van mevv. de Vos, Rudolph en Knipe en mnre. Bahlman, Bosman en Butler e.a. is die spelers gou uitgesoek. Daar is in volle swang begin oefen en dit het goed gegaan. Opmerklik was die besondere geesdrif en spontaniteit wat elke oefening gekenmerk het.



*Kinta en Liefie (onderskeidelik vertolk deur Dirk Linnenkamp en Kobus Rudolph), wat groot aandeel gehad het in die sukses van die operette.*

Nou wat is die storie – kortliks die volgende: Anton Preiss (Gerhard van Jaarsveld en Jan van der Westhuizen) besoek Mooibrug se skou met 'n paar van sy spogdiere. Die skou is bekend vir Tant Miem (Olof Voster) se uitsonderlike gebak. Die boerenooi, Wessel Johannes Badenhorst (Francois Swanepoel en Henry Aitchison) se bul stap weg met die prys, en Anton wil graag die bul koop. Hy onderhandel met Oupa (Rainer Gessner), maar dié sê dit is Wessel se bul. Anton onderhandel egter nie met 'n vrou nie. Intussen is Pier Vermaas (Konrad Teichert en Hansie Oosthuizen) verlief op Wessel, en steel die bul. Neeltjie (Herman Broodryk en Barry Grobbelaar) is verlief op Piet (wat hy eers later uitvind), maar help hom tog om die bul weg te steek. Neeltjie steel die bul weer by Pie, sonder sy medewete en Liefie (Kobus Rudolph) word aangestel om die bul se wit vlekke swart te verf. Kinta (Dirk Linnekamp) is verlief op Liefie, maar wil dit nie wys nie. Nou steel iemand die bul by Neeltjie, en almal soek nou. Na die soektog kom Anton met die bul op die verhoog as die held (**hy** het die bul by Neeltjie gesteel!) en hy vra Wessel om haar hand. Hy kry toe die bul op die koop toe.

Die opbrengs van hierdie operette is ten bate van die Suiderkruisfonds. Hierdie is 'n aanprysenswaardige gebaar, want die fonds word aangewend om die welstand van die soldate op die grens te bevorder.

Ten slotte kan ek dit nie nalaat om die organiseerders, afrigters en -sters en spesiaal die spelers geluk te wens met 'n uitsonderlike poging. Van alle oorde is gunstige kritiek ontvang en die resultate blyk veel meer te wees as net 'n goeie bydrae tot die Suiderkruisfonds. Hiermee is dan die einde van 'n fase bereik wat ek glo, die begin is van nog groter prestasies.

Dis is besonder verblydend om te sien dat A.H.S. nie net op sport en akademiese terreine uitblink nie, maar ook op hierdie gebied sy man kan staan.


**DIE KELDER**

(EDMS.) BPK.

Amptelike verskaffers van Afrikaanse Hoër Seunskool se voorgeskrewe skooldrag.

**20% KORTING VIR KONTANT**

*Affies verkies altyd hul oudste kleurverskaffers.*

***

L.W. Ons adres:

Pretorium-gebou,
Kerkstr.,
PRETORIA.

**FOON 2-7070**

# ONS WOEKER MET ONS GROEN ERFENIS



*Die troste 7C's wat 'n Protea-tuin aangeplant het.*

DIE GROOT GRASPLANT

Groot en klein, bont en fyn, lank en slank, kaalvoet of seilskoene, dit maak nie saak nie. So het ons st. 8 dogters Saterdag daar uitgesien. Vroeg-vroeg was al die st. 8's met hul onderwyseresse op hul pos. Vars, uitgerus en lus vir die dag se taak: Grasplant natuurlik!

Dit was gras uitpluis, toutjies span, voortjies trek, gras inlê, grond oorstrooi, water aandra, natspuit (vir gras en maat), kruiwa stoot, pik, en hark en spit. Ja, dit was lekker speel én werk!

Baie dankie st. 8 vir die mooi spanpoging – ons hou net duimvas dat dit gou sal reën en dat die gras vinnig sal groei!

AFFIENA SE **BAIE** DANKIE AAN DR. EN MEV. VON WIELLIGH WAT DIE 16 PLANTE VIR DIE PROTEA-TUIN GESKENK HET.

# ANTIKLIMAKS

**DIT was 'n pragtige oggend. 'n Hele paar Affies was opgewonde, want dié Woensdag se roetine sou heelwat verskil van die gewone Woensdag-roetine op skool. Tien bevoorregte „matriekdames" sou gaan help met 'n Groen Erfenis Program om bome langs een of ander hoofweg te plant. Aangesien ons reeds om half nege vertrek het, het ons géén boeke vir die dag gebring nie. Ons was egter gewapen met toebroodjies, sjokolade, vrugte en selfs yskoue koeldrank! (Ons sou immers K-O-S nodig hê nadat ons bome geplant het!)**

Uiteindelik half nege!!! Ons is verskoon van ons klasse . . . Te bang dat die Kombi vir ons gaan wegry het ons na die voertuig gehardloop – en doodmoeg én uitasem daar aangekom. Mevrou Boardman en Juffrou Hönck het gekyk of almal op hulle pos is en toe het ons vertrek op ons veldtog bome plant. Die skool en skoolwerk was vergete, ons het besluit om die beste te maak van hierdie dag in die natuur. Ons was almal vreeslik opgewonde want vir sommige van ons sou dit die eerste maal in ons lewe wees wat ons bome plant – en dié keer sou dit soveel anders wees want is dit dan nie vir Volk en Vaderland nie?

Behendig het Juffrou Hönck ons blou voertuig deur die druk Lynnwood-verkeer bestuur terwyl almal gesit en gesels het.

Toé het Mevrou Boardman 'n getikte bladsy opgeneem om van die instruksies aan Juffrou Hönck voor te lees. Sy het gelees . . . en 'n bietjie gesels . . . en dan weer gelees, en toe verslae na die stuk papier gestaar!

Juffrou Hönck het gevra wat fout was, waarop Mevrou Boardman geantwoord het dat ons 'n wéék te vroeg is vir die boomplant seremonie! Ons opgewondenheid het plek gemaak vir verwarring en selfs teleurstelling. Die arme onnies was paniekbevange (dis te verstane) Niemand wou egter teruggaan skooltoe nie. Daar is toe voorgestel dat ons die dag rustig deurbring langs die pad, 'n ander het weer 'n dag langs die swembad voorgestel, terwyl 'n ooroptimistiese Affie ons genooi het vir tee – om van die skok te herstel (So eg vroulik).

Nadat die onnies al hierdie uitnodigings geweier het, het ons selfs 'n dag by die dieretuin voorgestel, maar nee . . . Juffrou Hönck kom toe met die briljante gedagte vorendag dat ons eerder terugdraai en ons aan die AKADEMIE gaan wy . . . wat 'n teleurstelling. Ek het juis so uitgesien na die boomplantery, maar 'n dag by die dieretuin sou ook lekker gewees het – en my Biologie sou immers daarby baat!

**Tabby (Standerd 10)**

MY MA KOOP ONS GORDYNE BY

**OLINCO**

WANT HULLE BIED:

- Gratis kwotasies
- Gordyne gratis gemeet
  gemaak
  gepas en
  gehang.

WAARVOOR DUURDER BETAAL?

- Kantgordyne teen billikste pryse;
- Vervaardig van slegs die beste ingevoerde en
- Plaaslike materiale
- Kleurvas, drupdroog, geen gestryk –
- In alle kleure en ontwerpe.

Kom kies uit 'n groot verskeidenheid, puik gehalte gordyne



Verkrygbaar te: **Olinco**
**3 WINKELS**

**Andriesstraat 315, STAD.** **Esselenstraat 340, (h/v Bourkestr.) SUNNYSIDE.** **Michael Brinkstr. (h/v. Voortrekkerstr.) GEZINA**

# So lewe die Affies

**„Inkopiesmiddag" is 'n hele belewenis in die koshuis. Man . . . ('skuus), vrou en muis gaan stad toe, al is dit met slegs 'n paar sente om 'n „Bar One" te gaan koop wat dalk varser sal wees as snoepies s'n.**

Ná skool eet ons in rekordtyd (tien minute op die heel uiterste). Dan spaander almal vir keppies en handsakke en bestyg (bestorm) die spesiaal gehuurde dubbeldekkerbus. Die avontuurlus straal in elkeen se oë.

Dit lyk of 'n swerm blou sprinkane Kerkstraat getref het – die mense vergaap hulle. Pittige Affie-aanmerkings soos „nou ja, dan sien ons mekaar oor 'n halfuur by die dameskroeg" en „kom ons gaan eet die O.K. leeg" laat die mense verdwaas grinnik (hulle moet ons 'seblief nie môre loop en verklik nie!). Ons spat uitmekaar. Jy loop elke winkel tweemaal deur (as jy baie het om te doen in die vólle uur en 'n half tot jou beskikking) en tussen-in duik jy onder 'n kar in om jou keppie te red of vlieg om en hardloop terug, want jou handsak het op die toonbank bly lê. Die standerd sesse verdwaal en in Pretoriusstraat keer jy een voor wat koorsagtig en mompelend – in gedagte „oppad plein toe is". Skoene, skryfbehoeftes, tydskrifte, EETGOED of geskenke put die beursies uit en so vyf minute voor die bus trek, storm jy plein toe, „boeks" jou plek en laat spat weer na die kafee om roomyse der roomyse te koop. Intussen dreig die busbestuurder al vir die afgelope halfuur dat hy nou, en nie 'n oomblik later nie, gaan ry.

Jy loer benoud of al die kinders van jóu groepie daar is, kou naels en word grys terwyl jy wag dat hulle moet aankom . . . die bus luier al. Ten einde laaste vloog hulle om die draai met fladderende pakkies, swewende keppies en druppende roomyse, maar betyds is hulle! (Soms is daar laatkommers. Hulle steek dan vas en staar skaapagtig na die vertrekkende bus voordat hulle gillend en met wuiwende arms agterna storm terwyl jy hulpeloos toekyk.)


Die stad lyk sommer leeg . . . .

In die bus lyk dit soos 'n negosiewinkel. Inkopies word oor en weer vertoon, eetgoed doen die rondte en almal is baie gemoedelik. Jy kom skielik agter dat jou „doughnut" al daar voor in die bus rondkuier en elke oomblik in volume verminder, jou protes val op dowe ore. Hier keer jy dat 'n kleintjie by die venster uitval en daar red jy jou koeldrank wat vinnig in die „doughnut" se voetspore volg.

Ons slinger uit die bus – pootuit, naar geëet, met arms vol pakkies en voosgedrukte keppies.

Leë beursies en vol harte – „O, gaats, ek het vergeet om vir my ma 'n verjaarsdagkaartjie te koop. . . .!"

**Estelle**




STROOM-OP het gaan aanklop by die onverskrokke matrieks van 1973, en is vriendelik binne genooi. Die luisterryke ontmoeting het die volgende wyshede opgelewer:

1. Mejuffrou Matriek, wat sou u sê het die afgelope vyf jaar aan u gedoen?

Dit het my laat besef: „There are more questions than answers"

2. Watter aandenking van die jare sal u met u saamneem in die lewe daar buite?

My keppie.

3. Hoe voel u omtrent die lewe wat u eersdaags sal moet betree?

Die lewe sal vir my niks beteken totdat ek eendag as leerkrag kan terugkeer nie.

4. Wat dink u van die jeug van vandag?

Hulle moet gekasty word.

Met dieselfde dapperheid, is daar ook met die lae stand beraadslaag – en bewend het die sessers geantwoord:

1. **Liewe Wurm, hoe sien jy jou posisie?**

Laag en nederig. Ek vrees en respekteer my meerderes en ek werk my byna dood. Ek weet ek is 'n wurm.

2. **Wat is vir jou die lekkerste van St. 6?**

Oee! Al die lekker droogmaak!

3. **Wat sal jy doen as jy aan bewind van sake kom?**

Huh? . . . Ek sal dadelik van die twee skole een maak; ek sal die koshuis baie meer voorregte gee, ek sal minder toetse laat skryf; ek sal sê die seuns moet beter saamwerk met die meisies, ek sal . . .

Ja toemaar, liewe wurm, jy sal tog nooit aan bewind van sake kom nie!

# *VERSKEIDENHEIDS-AAND*

Partykeer sê mense 'n ding is so wonderlik en mooi, maar kry jy dit, is dit gladnie so nie. Toe daar afgekondig is dat die prefekte 'n verskeidenheidskonsert gaan aanbied met iets vir almal toe het ons gedink dat dit maar die gewone afgesaagde skoolkonsert-tipe gaan wees. Maar inteendeel, die verskeidenheidskonsert wat op 24 Augustus op die planke gebring is was iets besonders, met iets vir elkeen om te geniet. Vir die musiekliefhebbers was daar byvoorbeeld 'n klavier a-la-orrel item, wat beslis inspanning en talent vereis het, omdat die pianis-orrelis die twee instrumente tegelyk bespeel het. Ons hoofseun het ons ook verbaas toe hy 'n nuwe vorm van musiek, deur middel van sy neus bekend gestel het. Ongelukkig kan slegs klassieke stukke op die metode bespeel word.

Onder die opskrif „Pitkos" het Willie Marais Langenhoven se spreuke aan ons voorgelê, tot groot vermaak en vir sommiges tot groot verleentheid.

Ander interessante items was die luislang van Francois Odendaal, wat 'n groot gelag en chaos ontketen het, deurdat hy effense onbeskaafde maniere in die openbaar getoon het.

Spekkies het sy toneelspeltalent te voorskyn gebring in „King, o King", terwyl die toppunt van die aand was toe ons prefekte met 3 minute voorbereiding Kappierooi, ag ek bedoel Rooikappie met groot oortuiging en toneelspel – soos geen stuk van Truk nie – opgevoer het.

Voorwaar, daar was iets vir almal, en almal het dit geniet. Geluk aan Francois, Wynand en die ander manne wat ook op hierdie gebied hul slag getoon het.

**S. Burger St. 7.**

# Affies goed verteenwoordig by die Wetenskapweek

**Die voorreg het ons skool hierdie jaar te beurt geval om vier wenners in die top honderd – in die Archimedes-eksamen te hê. Ek en Stephan Heyns, W.P. Fourie en Johan von Willigh het van 4 tot 10 Julie aan die 9de Nasionale Wetenskapweek vir die Jeug in Pretoria deelgeneem. Dit word gereël deur die Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie, die uitgewers van Archimedes). Die eerste aand het ons die prysuitdeling in die indrukwekkende auditorium van UNISA bygewoon. Elkeen van ons het 'n groot rekenlineaal ontvang, en die topwenners in die verskillende afdelings het spesiale pryse ontvang.**

Die eerste dag se besoek was aan die WNNR, waar die groepe met verskillende belangstellings deur die ooreenkomstige navorsingsafdelings geneem is. Daar is gedurende die hele week ruim geleentheid gebied om vrae te stel aan die wetenskaplikes, en daar is nie 'n beter manier om kwelvrae opgelos te kry as om dit eerstehands van die persone wat daarmee bemoei is te hoor nie. Elkeen van die besoekers aan die fisika-afdeling kon 'n vergroting van een van die ERTS-satteliet foto's neem. Etenstyd het ons 'n heerlike maaltyd by die ontspanningssentrum geniet.

Op dieselfde basiese patroon geskoei het ons in die daaropvolgende dae besoeke gebring aan plekke soos Pelindaba, Onderstepoort, Yskor, Hartebeeshoek, die Kelvin kragstasie.

Op die Maandag het ons in 5 groepe verdeel om verskillende goudmyne te besoek. Ten spyte van die feit dat die baie mense permanent 'n afkeer aan nou plekkies gegee het, dink ek dit was die mees geslaagde besoek van die hele week. Daar het ons eers werklik 'n indruk gekry van hoe 'n geweldige groot gedryf net 'n enkele myn is. Ons is deur alles geneem vanaf die kampongs, waar ons van die selfgebroude bier geproe het, na die opleidingskool vir 'rou' werkers uit ons buurstate, waar ons 'n demonstrasie van die siftoetse gesien het. Ons het gesien waar die werkers opgelei word in die hanteer van die masjienerie, en toe binne 'n paar minute tot benede seevlak gedaal. Toe ons met 'n sug van verligting weer die oppervlakte bereik het, is ons deur die reduseerwerke geneem en kon ons sien hoe goud gegiet word.

Die wetenskapweek is beslis 'n ondervinding wat die moeite werd is, en as daar volgende jaar meer van ons skool kan inkom, wen ons miskien die R500 prys. Ek weet nie wat makeer Suid-Afrika se dogters nie, maar uit die 108 deelnemers aan die Week was slegs 5 dogters! Ek is seker dat met 'n bietjie aanmoediging ons nog 'n paar Marie Curies kan lewer.

**Piérre van Aswegen, 9D.**

*VERTEENWOORDIGERS OP WETENSKAPWEEK*
*V.l.n.r.: Johann von Willich, Pierre van Aswegen (wat ook na Londen was), Stephan Heyns en Willem-Pieter Fourie.*




# PIERRE IN LONDEN

Ek was een van die 18 gelukkige Suid-Afrikaners wat vanaf 25 Julie tot 8 Augustus aan die sg. 'Fifteenth London International Youth Science Fortnight' deelgeneem het. Dit is 'n jeugkonferensie wat jaarliks gereël word deur die 'Council for International Contact', 'n liggaam wat hom bemoei om internasionale kontak, veral tussen die jeug, te bevorder. Daar was ongeveer 400 jongmense saamgetrek uit lande soos Suid-Korea, Japan, Indië, Egipte en Swede om maar net 'n paar te noem. Altesaam 29 lande is verteenwoordig.
ema van

Die tema van vanjaar se byeenkoms was die mens en sy omgewing, en die wetenskaplike se verantwoordelikheid teenoor die samelewing. Die program het egter nie net ui wetenskap bestaan nie, want die nedoeling was eintlik om kontak tussen die wetenskaplike leiers van die toekoms te verseker. Daar was nie minder nie as 3 geörganiseerde partytjies, en 'n hele aantal onoffisiëles na die lesings in die koshuise. Die koshuise het ook teen mekaar sokker gespeel, en vir die meisies was daar 'n 'Miss Go-go' kompetisie. Ons kon ook kaartjies vir sekere vertonings deur die organiseerders koop teen 'n verlaagde prys. Die teater waarin 'Hair' toe vertoon is se dak het ongelukkig inmekaargestort, en die kaartjies wat hulle vir ons gekoop het kon toe nie gebruik word nie.

Ek en omtrent vier ander Suid-Afrikaners was nie ingenome met die idee van sommige van die besoedeling-lesings nie, en ek het toe vir ons deur die ambassade besoeke gereël aan BBCTV, waar ons gesien het hoe die Britse televisieprogramme opgeneem word, en aan IBM naby Portsmouth, waar die IBM-rekenaars wat in Suid-Afrika gebruik word ook aanmekaargesit word.

Een lesing wat ons egter onder geen omstandighede wou misloop nie, was die een oor plofstowwe. Ons het nie alleen baie nuttige resepte geleer nie, maar ook oorverdowende demonstrasies van elkeen se krag gesien. Een van die demonstrasies (onskadelike watte wat in vloeibare suurstof geweek is ) het handuitgeruk en 'n paar mans met koolsuurgasbrandblussers moes gou inspring.

Die program het nie net uit lesings bestaan nie maar ook uit interessante besoeke aan plekke soos Mullard Eelectronics, die kernkragstasie by Dungeness, en een van die Fisika-departemente van die Universiteit van Londen. Daar het hulle vir ons o.a. die snaakse eienskappe van vloeibare Helium gedemonstreer, soos opdraande vloei, elektrisiteit wat vir ewig vloei in geleiers wat daarin verkoel is ens.

Londen is 'n heerlike stad om in te woon, en ek verlang weer na 'n middagete van 'fish and chips and draught stout'. Na die 2 weke in Londen het ons nog op pad terug twee dae in Parys en 2 dae in Rome deurgebring. Die deelname aan die IYSF is 'n ondervinding wat ek nooit sal vergeet nie, en ek wil almal wat in die toekoms in St. 8, 9 & 10 gaan wees aanraai om die Archimedes-eksamen af te lê. Ek weet van potensiële wenners in ons skool wat maar net nie die moeite wou doen om in te skryf nie. Nog 'n belangrike punt; daar was geen meisies in die Suid-Afrikaanse span nie, alhoewel daar meer as 'n honderd van ander lande in Londen was.

**Piérre van Aswegen, 9D.**



# „'n Gesonde Liggaam huisves 'n Gesonde Gees"

Dit is nie moeilik om te raai dat die onderwerp van bespreking mnr. Mike Katz, houer van die mnr. Amerika, mnr. Wêreld en mnr. Heelal titels, is nie. Mnr. Katz, wat Affies deur bemiddeling van mnr. Meiring, een van ons ouers besoek het, se liggaamsbou was natuurlik die eerste wat ons beïndruk het.

As ek dan mnr. Katz se uiterlike moet beskryf, sou ek sê „Manjefiek!" Maar hier het ons gesien hoe 'n bygeloof i.v.m. die kragmanne soos sandsteen verbrokkel. Dis nl. dat daar algemeen geglo word dat dié mense verstandelik minder goed ontwikkel is. Mnr. Katz het in sy kort maar deeglike geselsie dan ook alle twyfel uit die weg geruim.

Hy was besonder beïndruk met die ouer-kind verhouding wat nog hier in S.A. bestaan, en aan ons vertel dat dit nie meer die geval is in die V.S.A. nie. Dan het hy ook op treffende wyse die waarde van sport vir die mens geskilder.

Mnr. Katz se persoonlike statistiek lui as volg: Hy is 'n liggaamsopvoedingonderwyser in die V.S.A., en het al vir „New York City", Amerika se sterkste Amerikaanse voetbalspan uitgedraf. Vir ontbyt eet hy 6 eiers en 'n kg. vleis met groente in pilvorm. Hy oefen 5 uur per dag en het 'n borsmaat van ongeveer 56 duim. Daarby is hy reeds getroud en het twee kinders.

# RAAI WIE?

*"Die lewe is 'n lied, net jammer jy's 'n vals noot."*
*"Jou skurwe-teit."*
*"Ag, mevrou, hy is nie dom nie; hy leer maar net stadig."*
*"Uh . . . er . . . seuns! Laat ons . . . uh . . . aangaan."*
*"Jou rotter!"*
*"Waar's my Korporale?"*
*"Ag seuns, dis nie stil genoeg nie."*
*"I'll break you ruddy neck!"*
*"This too shall pass away."*
*"Ben jy gestoot of het jy poffertjies!"*
*"Kom, kom; kom ons gaan maar aan; Kom Lester, kom Lester!"*
*"Shut jou treppe."*
*"Sit down you bunch of Wooligans!"*
*"Vroeër jare het ons hier 'n seun gehad, huy . . . huh . . . huhhu."*
*"Stap aan!! Stap aan!!"*
*"Dis die „basics" wat tel kêrels!"*
*"Ek skop jou blaarpens uit!"*

**S. BURGER.**


# Ken u al die voordele van 'n Volkskas-spaarrekening?

'n Volkskas-spaarrekening is u eerste stap na finansiële onafhanklikheid. Sit elke maand 'n bedrag opsy — en u sal verbaas wees hoe gou dit aangroei. Boonop verdien u spaargeld die heeltyd rente.

Met u spaarboekie in u hand kan u dwarsdeur die land — by meer as 500 kantore — instap en sonder vooraf kennisgewing tot R100 trek. U is verlos van handevol kontantgeld wat kan voete kry. Wat 'n groot gerief as u op reis of met vakansie is!

Dis maar een van ons bankdienste. Daar's nog bykans 40 ander.

**VOLKSKAS**
BEPERK
(Geregistreerde Handelsbank)

**Die Bank vir alomvattende bankdienste.**
Meer as 500 takke dwarsdeur die land.
Verteenwoordig in 300 wêreldstede.

# Die Slagting op Die Hokkieveld

**Op Donderdag, die dertigste Augustus, het ons jaarlikse sokker-rugby-slagting op die hokkieveld plaasgevind.**

Die klok het skaars gelui om aan ons 'n rukkie van herstel te skenk na gevreesde vakke en klasse of matrieks bondel by party deure uit en by ander weer in, met snaakse monderings in die hand. 'n Paar minute later maak hulle weer hulle verskyning, maar dié keer op die hokkieveld; gebroek en gerugbytrui. Die neges was reeds daar in hulle blou uniforms; almal gereed vir die slag.

Toe juffrou Bothma die fluitjie blaas, het albei spanne verwoed tot die aanval oorgegaan. Die bontes het diep tot in die bloues se doelgebied ingedring, maar danksy skitterende toevalwerk aan die bloues se kant (hulle het die bal toegeval twee sentimeters van die doellyn af) kon die bontes nie punte aanteken nie.

Die bal is uitgeskop en toe dié nie vinnig genoeg gekry is nie, is die hulp van 'n tweede bal ingeroep. Soos nou afgelei kan word, het daar toe later vier spanne op die veld gespeel met twee balle.

Carla (Gerhard Viviers) Rossouw het gesorg dat die toeskouers op die walle en trappies op hoogte gehou word van die gebeure op die veld.

Vinkie het met haar span van pynpolisiedoedies gesorg vir die (her-) ontstelling op die veld. Met behulp van rooi ontsmettingsmiddel, T.P.-verbande en wit poeier het hulle hul deeglik van hulle taak gekwyt en waarlik atmosfeer en kleur aan die wedstryd gegee.

Toe die tweede fluitjie blaas (die fluitjie is net twee keer geblaas) het die bontes gevoel dat hulle die oorwinnaars moes wees. Wat die uitslag betref: daar bestaan verskillende menings omtrent die saak, maar volgens gerugte het die bontes se bal ongeveer ses keer die bloues se doelhok ingerol.

Die laaste vier martelings het maar stadig verbygegaan; veral vir party bloues wat 'n waslap en 'n stukkie seep broodnodig gehad het.

**'n Rooi Bloue. St. 9.**

## THE GOLDEN-GATE EXPEDITION




(This article is written in English especially for the benefit of Miss Hönck and MISS Bouwer.)

Friday afternoon at 1.45 pm.

"Hurry up!"

"Be quick!"

"Where's Miss Bouwer? Left? And Mis Hönck? Also? Oh no!"

"We'll have to wait."

They both arrived in a great hurry – full of excuses. Finally we departed at 2.30 pm. At a garage near the Fountains Circle, while filling up with petrol, we stuck a poster saying:

"Careful! Nervous teacher driving." to the back window of the yellow Combi.

That evening at 8.00 pm we arrived at our destination – Bethlehem. Our bungalows were situated on the banks of Loch Athlone in the Athlone park. Everybody helped to unpack and we made a much enjoyed supper of spaghetti. Afterwards we had a sing-song, a shower and a feast which was attended by pyjama clad figures (it was Zelda's birthday). (Boere, dit was 'n fees duisend!!)

Saturdaymorning (after coffee in bed).

"Left foot, left foot, right foot, right foot, forward, backwards, one . . . two . . . three . . . puf . . . giggle-giggle . . . Why are we waiting." – that was our traditional wardance.

We were 'rudely' interrupted by Miss Hönck – "Shut up!" She walked to the Combi with that usual grin on her face, dumped all her things and joined us (shouting the loudest of all) "Why are we waiting?" On our way to Clarens, we took the wrong turn-off twice, saw cherry-trees in bloom and the most picturesque mountains. We inspected (and approved) Miss Holtzhausen's house in Clarens. We drove to the Lesothoborder and then paid a visit to the Gasson guestfarm.

That evening we all wanted to see "Snip and Rissiepit" at the local drive-in, but we were unlucky – didn't get in. So instead we booked for "The wrath of God." We parked in front of the Park Hotel Bar . . . We were dressed in dirty jeans, dusty shoes and shabby jerseys – the other people (dressed in silver and gold) stared at us in a way which suggested that we might have been cave(wo)men. The film started and there was an advert for a post as barman at the Park Hotel . . . Unanimously Miss Hönck was seconded to start the job the next morning... morning . . .

Sunday morning:

"Left foot . . . left foot . . . right . . . why are we waiting?"

We left for Golden Gate and got there in good time. We climbed to a little stream in a rocky cleft. We had lunch and decided to go riding afterwards, but we couldn't manage to get tickets. We were very disappointed and we turned off at the first road, and parked near a dam with ducks, reeds, willows . . . (how romantic) – just the right setting for "Romeo and Juliet." Our stage was a recently burnt down veld on the banks of the dam.

The cast was as follow:

Juliet – Ingrid.

Romeo – Henriëtte.

Nurse – Barbara.

Friar Lourence – Christien (backstage manager toò).

Mercurio and Paris – Estelle.

Sampson and Gregory – Anita and Helga.

Lady and Lort Capulet – Sigrun and Aninda.

What fun we had with scenes like:

" . . . for Mercurio's soul.

Is but a little way above our heads" (flying? the soul, I mean?).

The journey back was a 'sleeping' one but we arrived in Pretoria at 2 o'clock – tired, dirty, but happy and satisfied.

**Henriëtte Marais 10C.**



## DIE BERGE ROEP

**Dit sou wreed wees om die Drakensberge net met mooi berge en riviere te beskryf – want dis nie wat dit is nie. Altans, nie al nie. Daar is mooi berge en strome (wat hier teen Juliemaand kliphard verys is) en vars berglug en sewejaartjies langs die pad – maar dit kry eers betekenis as jy dit kombineer met 'n rugsak, 'n slaapsak en 'n voedselvoorraad vir vyf dae: Dis presies wat ons gedoen het en toe noem ons dit 'n DRAKENSBERGTOER.**

Om te vertel van die stap bedags, die koue snags, die seer voete en skouers en die altyd-beskikbare simpatie, sou jou miskien 'n valse beeld gee. Die heerlike bord kos en warm koffie op jou nugtermaag, die aand om die vuur wanneer jou ledemate so sing-sing een vir een ontdooi en jy byna nie agterkom dat dit 5°C warmer as 'n vrieskas is nie . . . maar dit alles kry eers waarde as jy weet van die ,,iets van die Drakenberge" die ,,iets" wat jou verander: Kyk maar na enige lid van die legendariese De Vosfamilie, en jy sal weet waarvan ek praat.

Dis 'n ,,iets" wat van jou iets anders maak.

**Avontuurtoer: Julie '73**

## *WEER-BERIG*

**Afrikaans:**
'n Hoë lugdrukstelsel beweeg na die binneland

**Bybel:**
Bewolk met 'm moontlikheid van buie in die vroeë oggend.

**Wiskunde:**
'n Stormwindwaarskuwing om en by kamer 10 – ons herhaal – 'n stormwind waarskuwing.

**Latyn:**
Matig tot warm. Sig: Goed.

**Engels:**
Sagte deurdringende reën vir die volgende 24 uur.

**Duits:**
Matig tot koel in die laat namiddag.

**Kuns:**
Mooiweer en warm.

**Skei-nat:**
Lug betrokke met kortstondige buie elders.

**Willa-Anna**




## Vir Oulaas ...

Ag, liewe Affies
hier waar ek nou staan
aan die einde (die einde?)
van 'n lang skoolloopbaan,
moet ek groet nog vir oulaas
– ek is moeg en gedaan –
maar ag, liewe Affies,
sien jul die traan???

**Matriek**

KLEREVERSKAFFERS
AAN ALLE AFFIES

mans uitrusters * mens outfitters

uniewinkels
KLEE U MET TROTS
KERKSTRAAT 275, PTA.
Stadsentrum 16 City Centre,
Pretoriusstraat 272 Pretorius Street. Tel. 2-6227

Salon Chnay
LADIES HAIR FASHIONS/DAMES HAARMODES
PRETORIUM BLDG. - BASEMENT
PRETORIUMGEBOU - KELDER
TEL. 3-6847



# ONS STAATMAKERS

*Ons twee redenaarspanne het toe aan die verwagting voldoen, en goed gevaar in die onderskeie kompetisies. Christiaan Fismer (2e van links) het hom wel deeglik in die finaal van die Padveiligheidsredenaarskompetisie laat geld. Willem Marais (heel links) en Inus Sonnekus (tweede van regs) het toe dan ook die eerste plek in die landswye Junior Rapportryersraadredenaarkompetisie behaal. Inus is aangewys as die beste spreker van die byeenkoms, en beide span lede ontvang 'n beurs van R300 per jaar so lank as wat hulle studeer. V.l.n.r.: Willem Marais, Christiaan Fismer, mnr. J.D.V. Terblanche, Inus Sonnekus, mnr. A. Ferreira (spanbestuurder-afrigter).*


*Noem dit maar*

**Boek-n-Pen**

*het dit!*

. . . alles aan boeke
en skyfgoed, tydskrifte,
geleentheidskaartjies en
geskenke

**Boek-n-Pen**

**Andriesstraat 207**
**Tel. 3-1228/9**
**Pretoria**

*Maak nou al vriende met jou boekhandelaar en behou die vriendskap dwarsdeur jou lewe*

**Spesiaal vir Affies!**

**Boek-n-Pen**

van Andriesstraat

**Perskorporasie van S.A.)**


## AFFIES EN HULLE BLAFFIES

**VRAE:**
1. Wat dink u van geel hemde vir skooluitgaan drag?
2. Is u 'n voorstander of teenstander vir aparte skole?
3. Wat dink u van hokkie?
4. Wat is u mening t.o.v. 'n boksklub vir die skool?
5. Wat dink u van die meisies van Meisieshoër?

**EERSTE BLAFFER:**
1. Hou nie van geel nie, swart is puik.
2. Met die amlgamasie van twee geslagte in 'n heterogene skool sal die basiese invloed wat op die verskillende soorte spesies uitgeoefen word verskil, nie waar nie? Maar in hierdie geval sal bv. die uitwerking gunstig wees op die vroulike sy en ongunstig op die sg. sterkere geslag.
3. Hang af wat jy daarin sit?
4. Vir my as individu skyn die opgaar van leë "bokse" as nutteloos en tydvermorsing.
5. Ek wil liewers nie 'n hipotese waag nie.

**TWEEDE BLAFFER:**
1. Dis alles oraait, solank die groen nie donkerder as goudgeel is nie, en die blomme nie groter as 6 duim in deursnee nie.
2. Vir my wat al altwee ervaar het, het ek gevind dat die seun meer respek en waardering het, indien hy in 'n aparte skool is.
3. Ek is 100% ten gunste daarvan. Dit bied oorgenoeg uitdaging en oefening.
4. Boks is 'n barbaarse sportsoort.
5. Ek as koshuisganger het te min sosiale verkeer met hulle, om 'n opinie te gee.

**DIE DERDE:**
1. Voel nie daarvoor nie.
2. Voorstander van aparte skole.
3. ,,Tit sport.
4. Gee nie om nie.
5. Oraaiiit!

**DIE VIERDE:**
1. Boonste drie knope moet af wees.
2. Nie soseer skole nie, maar koshuise wel.
3. Mits hulle hul beenhare afsny.
4. Solank ek net nie die slaansak is nie.
5. Ag nou ja . . .

**. . .EN DIE LAASTE:**
1. Oulik, veral as dit eenvormig opgemaak word.
2. 'n Seunskool is beter as 'n gemengde skool, maar verder weet ek nie . . .
3. Hokkie beslis nie afbrekend nie – lyk selfs lekkerder as krieket. Ouens moet net nie rof raak nie.
4. 'n Dom vuil sport wat by gemengde skole tuis hoort.
5. Behoudend vir ons volkie.

## ,,AHS TOP 20"

1. *Crazy Horses - Mnr. Marais.*
2. *Yesterday all over again - Mnr Butler.*
3. *Killing me softly - Mnr Terblanche.*
4. *Lief blompies en die maanskyn - Mev Rabie.*
5. *Teacher I need you - Mev Bester.*
6. *Sweet and innocent - Mev Engelbrecht.*
7. *Looking through the eyes of love - Mnr Booysen.*
8. *André, the fastest milkman in the West - Mnr Fereirra.*
9. *Walking stick Waltz - Mnr Vermeulen.*
10. *Ashes of Love - Mnr van Wyk.*
11. *Blockbuster - Mnr Knipe.*
12. *I believe in Music - Mev de Vos.*
14. *Clap your hands and stamp your feet - Mnr Naudé.*
15. *Amazing grace - Mev Schoeman.*
16. *'n Handvol gruis - Mnr Bosman.*
17. *There are more questions than answers - Mnr Bosua.*
18. *One and one is one - Mnr Roesch.*
19. *Tweedle dee, Tweedle dum - Mnr van der Merwe.*
20. *Leader of the pack - Mnr Terblanché.*

## *Nuwe Boeke*

,,Aanvaarbare sosiale redes vir die bestaan van die minirok," deur die bekende sweedse deskundige, dr. Kannie beensini.
,,Marks against the wall" a gripping and moving thriller by the well-known Chinese writer, dr. Who Flung Mud.


,,Die geskende gesig" 'n boeiende verhaal wat elke moederhart sal roer deur U.G.H. Frankenstein.

,,Die Pretoriase Telefoongids" Alhoewel baie kritiek teen die boek ingebring is het dit beslis goeie hoedanighede. Alhoewel bietjie moeilik om te volg, word dit vergoed deur die baie karakters wat in die boek optree; deur Dr. O.N. Bekend.
,,Die voedingswaarde van suiwer bloed" deur die bekende dieëtkundige Dr. V.A.M. Pier.

Almal verkrygbaar by B.O.E.K. Uitgewers, Posbus 007, Nêrensfontein.

**S. Burger**

## *AFRIGTER?*



*Die koshuis spog nou met 'n pragtige snoekertafel. Die manne is kranig besig om te oefen om die skool binnekort pak te gee. Hier wys mnr. Kruger die lede 'n paar fyner kunsies.*

# Verjaarsdag Voorspellings

**As 'n spesiale vergunning sal SCHESTELLE UTTE persoonlike verjaarsdagvoorspellings vir STROOM-OP lesers doen. (Gerieflikheidshalwe word u aangeraai om „DAG", „WEEK" en al hulle allomorfe met „PERIODE" te vervang).**

**LET WEL: ENIGE VERBAND TUSSEN DIE ZODIAC EN DIE VERSKILLENDE LESURE IS BLOOT TOEVALLIG**

**ARIES** (Saal)

ARIES mense het die gewoonte om laat te kom vir hulle afsprake. In die komende week gaan hierdie gewoonte u in 'n ongemaklike situasie laat beland. U gaan 'n gevoelige verlies ly, heelwaarskynlik in die vorm van 'n onontbeerlike hooftooisel.

**TAURUS** (Afrikaanse Taalkunde)

U het 'n neiging om soms te veel te praat. Beperk u gesprekke veral in die komende week tot die minimum aangesien dit u in onaangename situasies kan laat beland. Probeer om hoofsaaklik deur middel van briewe met ander persone te kommunikeer.

**GEMINI** (Wiskunde)

U gaan volgende week waarskynlik in 'n ongeluk betrokke raak, maar sal sonder ernstige **liggaamlike** beserings daarvan afkom. Die res van die week sal aangenaam en rustig verloop, hoewel u nie tyd sal hê om veel aandag aan die sosiale sy van u lewe te skenk nie.

**CANCER** (Engelse Taalkunde)

U sal in die komende week 'n bedrywige sosiale lewe hê. Nog 'n hoofstuk van u outobiografie, waaraan u reeds sedert die begin van 1972 werk, sal geproeflees en persklaar gemaak word. 'n Brief in die pers gaan u hewig ontstel en u sal daarop antwoord.

**LEO** (Pouse)

Volgende week sal groot versoeking oplewer en u selfdissipline gaan tot die uiterste beproef word. Probeer snoeperywinkels en koekverkopings op straat vermy aangesien u op die 5de van aanstaande maand 'n uiters belangrike afspraak gaan hê wat u hele lewensloop sal verander. 64 is u ongelukkige nommer.

**VIRGO** (Skeinat)


Mense wat onder hierdie sterrebeeld gebore is, sal in die week wat volg dikwels vaak en moeg word. Probeer om 'n minder bedrywige sosiale lewe te lei en om vroeër te gaan slaap. U sal voor groot probleme te staan kom wat u beslis sal verwar. Moet egter nie moedeloos raak nie, aangesien u die antwoorde op hierdie probleme sal vind. Probeer om minder tydgebonde te wees. Moet onder geen omstandighede briewe skryf nie.

**LIBRA** (Frans)

U gees gaan in die komende week aansienlik verryk word. U sal nie al die werk wat u beplan het om af te handel voltooi nie, aangesien u lang, diepsinnige gesprekke oor kuns en kultuur sal voer. Daar sal egter ook verskeie ander onderwerpe by die gesprekke betrek word. Waar u vroeër nooit aan u intellek getwyfel het nie, loop u gevaar om 'n geweldige minderwaardigheidsgevoel te ontwikkel.

**Estelle Schutte**

# AFFIES IN DIE KALKLIG



*Affies sê baie dankie aan die Amerikaanse Affie, Adrienne Kreger, dat sy 'n jaar lank by ons kom kuier het. Haar sêgoed het gesorg vir die nodige vermaak (Aan 'n onderwyseres wat haar vra na haar keppie: Jong jy weet . . . ek is **baie** jammer . . . jy weet . . . jy weet . . . dis nie op my kop!). Op meegaande foto hou sy die netbal-poppie vas wat sy verdien het met haar flinke spel in die Oop B-span. Ons sal na jou verlang, Adrienne!*

ONS AMERIKAANSE AFFIE – 'N AFSKEIDSWOORD.

**Ek wonder wat ek omtrent Affies aan die ander kant moet sê wanneer ek teruggaan? Is daar 'n verskil of is alles dieselfde? In die eerste plek, dink ek dat dit veilig is om te sê dat almal twee bene het, twee arms, 'n paar ogies, hare en 'n neus. Maar ek hoop dat almal in die „Groot Land" dit weet. Ek sal by die begin begin.**

Afrikaanse Hoër Meisieskool – vir wie ek so verskriklik lief is. Julle hou van die mooi blommetjies – vol van kleur en die bewys van lewens. Julle geniet dit om toebroodtjies te eet terwyl dit tyd vir pouse is en om op die gras in die lekker sonnetjie te sit. Julle hou van netjiese hare en skool klere. Julle moet vakke neem, eksamen skryf, huiswerk doen en verantwoordelikheid en pligte nakom. Julle geniet om "Souvenir Albums" te skryf en te deel. Meisies by Meisies Hoër hou van die vriendelike atmosfeer.

By Seuns Hoër, dink ek omdat ek nooit daar was nie geniet die seuns om baie lekker rugby te speel en ook 'n goeie orkes te maak. Hulle hou vreeslik daarvan om vinnige "motorcycles" te hê en ry. Ek dink dat die seuns by Seuns Hoër baie "jazzy" in hulle groen jas en grys broek lyk.

Albei van die skole geniet lekker grappies, Vrydag en Saterdag partytjies, om saam met mekaar te kom, lekker gesels en 'n bietjie opgewonde omtrent enige iets te wees. Julle hou van iets nuuts of verskillend om te probeer of sien. Ek dink dat ek sal sê dat julle oulike mense is en weet wat aan gaan.

**Jou vriend,**
**Adrienne Kreger,**
**AFS 73 - 74 (New Jersey - USA)**

DANSEND NA BOWE

Nadat Elma Smal verlede jaar vir 'n oudisie na die Royal Ballet School in London vertrek het, is sy vir verdere studie aan hierdie beroemde balletskool aanvaar.

Elma het haar balletstudie reeds op vyfjarige ouderdom begin en het onder Laurna Hautp en Dawn Stapylton-Adkins studeer. Van jongs af het sy op kunswedstryde uitgeblink en het reeds talle trofeë verower. Vir die afgelope vier jaar hou sy die trofee vir die beste klassieke dans op die kunswedstryd!

Waar Elma nou aan die begin van volgende jaar na Engeland vertrek, wil ons haar alles van die beste toewens en ons hoop dat sy vir Suid-Afrika (en vir Affies) 'n breë pad daar in die vreemde gaan oopdans!

## Antoinette Bezuidenhout

Antoinette het, met die stimula wat sy tuis ontvang het, in haar moeder se voetspore gevolg en vir ons 'n keurige boekie met nuttige resepte en wenke oor soutigheidjies daar gestel. Ek wil haar gelukwens met haar ondernemingsgees en deursettingsvermoë. Dit is verblydend om te sien dat daar vandag nog jong dogters is wat met vryetydsbesteding iets konstruktiefs daar kan stel, nie alleen vir eie gewin nie, maar wat vir die gemeenskap ook waarde het.

Die boek is interessant versorg en die resepte is so gesorteer en ordelik gegroepeer dat 'n spesifieke resep met een oogopslag gevind kan word.

Mag hierdie boek 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling van die jong dogter asook die vrou in 'n deugsame en volmaakte tuisteskepper want, "Wie sal 'n deugsame vrou vind? want haar waarde is ver bo korale . . . Sy staan op as dit nog nag is en gee voedsel aan haar huisgesin . . . Sy steek haar hande uit na die spinstok en haar handpalms hou die spoel vas . . . Opmerksaam gaan sy die werksaamhede van haar huis na, en die brood van luiheid eet sy nie." . . . SPREUKE 31.


**J. du Toit.**





*Die musikale De Villiers-familie. **Voor:** (Van links na regs). Marais: 'n Bekwame tjello-speler. Neelsie: 'n Klavier en fluitspelertjie met 'n nagtegaalstemmetjie. Theresa: Ons eie st. 9-Affie wat reeds groot roem as pianiste verwerf het. Sy speel ook orrel (Elke Affie wat in die oggend lekker sing, weet dit) asook tjello. **Middel:** Claudia: Bespeel die klavier en klarinet. Hanlie: 'n Baie bekende oud-Afrie wat viool, orrel en klavier speel. **Agter:** Die trotse Ma en Pa de Villiers.*

BRAVO ELMA!



Hier volg 'n paar van die sewentienjarige Elma Vivier se prestasies op die klawers:

In 1967 op 11-jarige ouderdom het sy met musiekonderrig begin.

In 1968 is sy na die SAUK vir haar eerste uitsending.

In 1968, '69 en '70 loop sy weg met die diplomas en 1ste-pryse op die kunswedstryd.

In 1973 is sy saam met 2 ander pianiste uit 'n moontlike 53 kandidate gekies om saam met die Johannesburgse Simfonie-orkes op te tree vir hulle jubileumfees. 'n Prestasie om op trots te wees!

STROOM-OP wens Elma en haar gesin hartlik geluk en hoop om in die jare wat kom baie van haar oor die radio te hoor en in die nuus te lees.

**KUNS VIR DIE KENNER**

Ons verkoop en koop net die hoogste kwaliteit Suid-Afrikaanse kuns.

Uitsoekwerke van die Meesterskilders beskikbaar.

**KUNSVERSAMELAARSKLUB**

**Posbus 11329** **Tel. 78-9425**
**PRETORIA** **78-2064**

# FORUM

**Die verkiesing van nuwe leiers vir die jaar 1974 is net om die draai. Die verkiesing van nuwe leiers is baie belangrik aangesien die vooruitgang en sukses van die skool gedurende die volgende jaar van hulle sal afhang.**

Dit is dus wenslik om eers na die eienskappe van 'n leier, of potensieële leier, te kyk. 'n Leier word dan ook deur Schoeman (1968) beskryf as iemand wat lei; iemand wat bestuur; 'n aanvoerder; 'n voorman; 'n voorbok; 'n gids; iemand wat rigting aandui; iemand wat andere oorreed om dinge te doen óf iemand wat rigting gee aan die optredes en opinies van andere.

Tot ongeveer 20 jaar gelede is geglo dat slegs mense wat oor sekere aangebore eienskappe beskik, leiers kan word. Dit impliseer dat daar so iets soos 'n universele leier is wat oor min of meer die wysheid van Salomo, Job se geduld, die krag van Simson, die regverdigheid van 'n regter, die organisasievermoë van 'n komper en die deursettingsvermoë van 'n honger leeuwyfie beskik. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die fokus verskuif het na die funksie van 'n leier. In plaas van te vra "Watter soort persoon maak 'n goeie leier?" word gevra "Hoe tree 'n effektiewe leier op?"

Situasie speel dus 'n groot rol hier, d.w.s. 'n leier op die rugbyveld is nie noodwendig 'n leier in die klaskamer nie.

'n Leier is dus daardie persoon wat die geskikste is om beheer oor te neem in 'n gegewe situasie.


Daar is primêr drie style waarvolgens leiers in verskillende situasies kan optree tewete demokraties, outokraties en laissez-faire. 'n Demokratiese leier betrek sy volgelinge by die neem van besluite. Die outokratiese leier neem self alle besluite. Laissez-faire of laat-maar-vaar leierskap is egter geen leierskap nie.

Maar wat verwag Affies van 'n leier of toekomstige leier. Die persoonlikheidskenmerke van 'n leier kom hier na vore. Die eerste van 'n paar belangrikste is 'n gesonde lewensbeskouing. Hy moet dus perspektief hê en hy moet probeer om 'n gesonde balans te handhaaf en om hom nie deur sosiale druk te laat beïnvloed nie. Die volgende is doelgerigtheid. Ons leiers moet weet wat hulle wil hê en hulle moet op hul bepaalde koers bly, al weifel die ander. 'n Derde, belangrike kenmerk is organisasievermoë. Onthou, 'n leier sal alleen kan lei en bestuur in die mate waarin hy kan delegeer. Om doeltreffend te delegeer, beteken dat jy oor die vaardigheid beskik om te organiseer. Die volgende is entoesiasme, durf en moed. 'n Entoesiastiese leier inspireer sy volgelinge. Durf en moed is ook belangrik. Sonder deursettingsvermoë en die moed van jou oortuiging is jou kanse op sukses uiters skraal. Die vyfde kenmerk is selvertroue. Sonder selfvertroue sal geen leier vertroue by ander inboesem nie. Vertroue en selfversekering moet egter gepaard gaan met nederigheid. Die volgende een is welsprekenheid. Dit is van geweldige waarde aangesien die gesproke woord die mees algemene medium is om andere te oorreed to gemeenskaplike optrede. Die belangrikst ekenmerk is egter persoonlikheid. 'n Mooi, vriendelike, aangetrokke persoonlikheid is seker een van die grootste bates van enige persoon, en dus ook van 'n leier. Met sy persoonlikheid verrig 'n leier geweldig baie.

Onthou, 'n swak leier verteenwoordig 'n swak groep en vice versa.

Mag Affies vir hulle waardige leiers kies.

**W. Viljoen**
**REDAKTEUR**




# BRIEWE

## OPERETTE

Geagte Redakteur,

Graag maak ek van hierdie medium gebruik om my dank uit te spreek, teenoor die groep wat ons operette aanbied.

Affies tel alreeds op so baie terreine onder die voorstes dat dit verbasend is dat Affies op die gebied van die drama nog feitlik niks geproduseer het tot nou toe nie.

Affies het egter vanjaar die terrein betree en hoë verwagtings word vir die toekoms gekoester.

Baie dankie vir die persone wat die aksie aan die gang gesit het.

**Pro-Affies**

## WAT VAN NUWE SPORTSOORTE?

**Geagte Redakteur,**

Affies is 'n groot skool met heelwat sportsoorte wat vir die leerlinge aangebied word. Tog wil dit vir my voorkom asof daar sommige hoofsportsoorte is waarvoor daar meer reklame gemaak word as vir ander. Ook kry die sportsoorte, om maar rugby te noem, meer fasiliteite as ander.

Nog 'n kwessie is die aanbieding van sportsoorte waaraan leerlinge buite die skool deelneem. Ek dink aan muurbal, pluimbal en sokker, om 'n paar te noem. Daar is Affies wat dit sal waardeer as hulle onder die beskerming van hulle skool daaraan kan deelneem.

**Sport.**

**(Die Redaksie het ondersoek ingestel – In die loop van 1974 word daar 'n gimnastieksaal gebou. Na voltooiing van die gebou sal pluimbal in die saal gespeel word. Die muurbal sal moet wag totdat die Oud – Affieklub in die lewe geroep is en dié die nodige lokaal bou. Red.).**

## ARCHIMEDES

Geagte Redakteur,

Ek wil graag noem, watter waarde die artikel „Archimedes" vir ons skool het. Dit is die bron van feite vir alle leerlinge wat in die vakke Biologie, Skeinat en Chemie belangstel. Die artikel is voorwaar baie interessant en insiggewend. Dit is ook baie kernagtig, en alles wat genoem word dien as feitekennis vir die skolier. Selfs motor-liefhebbers sal baie uit „Archimedes" baat.

Die wenner van die Archimedeseksamen was Pierre van Aswegen, wat 'n toer oorsee geniet het. Die skool wat vanjaar die meeste punte in die Archimedesreeks was die Afrikaanse Hoër Seunskool, wat daarmee ook die jaarlikse prys van R250 gewen het.

Baie geluk Affies

**Ware Affie**

## DANKIE

Geagte Redakteur,

Aan die einde van jou skoolloopbaan, is dit onvermydelik om terug te kyk oor die vyf jaar wat jy hier deurgebring het. Ek dink die kosbaarste monumente in my lewe is die pogings van die onderwysers om van my 'n mens te maak. In hoeverre hulle suksesvol was, sal ek in die volgende paar jaar sien.

Hier is goeie en minder aangename herinneringe vir my van Affies, maar almal was in my belang.

Baie dankie, Affies.

**Hercules Viljoen**

## GEHOES IN DIE SAAL

Geagte Redakteur,

Ek wil graag 'n dringende versoek rig tot die Affies om tog op te hou met die nare gehoes in die saal as daar sprekers optree. Is dit werklik so moeilik om jou hoes in te hou?

Toe mnr. Abernethy van Boys High hier gepraat het, het veral die juniors hulle onderskei in hulle gekef. Dat hulle nie aan mnr. Terblanche se reaksie kon aflei dat dit lastig was nie, bly vir my 'n raaisel.

Ek wonder wat dink die geagte spreker van ons ongesonde Afrikaner seuns. Dit het amper geklink asof daar met hom gek geskeer word.

By voorbaat dank,
Die uwe,
**Vicks**

## VRUGTESAP BO!

**Geagte Redakteur,**

Ek is werklik baie bly oor die koeldrank wat nou by die snoepwinkel beskikbaar gestel is. Ek dink dit is 'n groot verbetering op die Coca-Cola en ander koeldranke wat eers beskikbaar was (en nog is). Wat van Dairy Belle lemoensap en appelsap, kan ons die nie ook aanskaf nie.

**Anti-Coke.**

**Geagte Redakteur,**

**U kommentaar oor my brief in die vorige uitgawe van Stroom-op was baie onbevredigend gewees. Ek sal bly wees as u weer die saak in oënskou sal neem.**

**Gort en Gaargebak.**

**(Geen kommentaar – Red)**

## KOMMENTAAR

- **Ou Bloekomboom:** Die saak is reeds verduidelik.
- **Freddie;** Kyk in die jaarblad van 1973.
- **Ontevredene:** Dit word in vooruitsig gestel.
- **Pro-Muurbal:** Sien ander brief in hierdie verband.


## REDAKSIE

HOOFREDAKTEUR:
W. Viljoen
SUBREDAKTEURS:
W. Marais (Sosiaal)
K. le Roux (Sport)
F. Calitz (Fotografie)
J. Smit (Administrasie)
VERSLAGGEWERS:
S. Burger
C. Fismer
D. Maree
D. Odendaal
S. Potgieter
S. van der Walt
C. Vermeulen
W. Weideman
FOTOGRAWE:
V. Delport
J. Hofmeyr
G. Joubert
M. Kotzé
G. van Jaarsveld
A. van Riet
TEKENAARS:
L. Verdoorn
Pc. J. van Rensburg
ADMINISTRASIE:
W. Bezuidenhout
J. Blignaut
C. le Roux

# Liewe Affiena,-

Liewe Affiena,

Eerstens wil ek dankie sê vir die koejawelrolle en ander voedsame lekkernye wat ons gedurende hierdie kwartaal kan koop.

Ek is bly dat daar darem in 'n sekere mate aan ons versoek gehoor gegee is, maar ek wil vra as dit moontlik is of daar nie miskien honderd bottels melk in plaas van die honderd bottels koeldrank verkoop sal word nie.

Melk gee tog immers krag vir die volgende vier periodes na pouse, of hoe!

**Rika Strümpfer (6A)**

Liewe Affiena,

ALMAL HET MAATS, NET EK HET NIE.

Op die vyfde Oktober word daar in ons skoolsaal 'n geselligheid gehou om van die matriekleerlinge afskeid te neem. As matriekleerling is ek veronderstel om daarna uit te sien, maar liewe Affiena ek het nie 'n maatjie om my soontoe te vergesel nie. Nou het ek iets gewonder of Affiena nie miskien 'n hoekie vir eensames wil stig nie?

Die uwe
Soekend
**Susara van Blerk.**

*Liewe Susara,*

*Ons is seker dat daar van ons vriende oor die straat is wat van hulle sal laat hoor. Hou moed.*

*Affiena*

Liewe Affiena,

AKADEMIESE WRAKKE

In die skool waarin ons onsself bevind, is elke kind wat vir sy skoolwerk omgee, genoodsaak om 'n akademiese wrak te wees. Indien jy sport wil beoefen, is dit byna onmoontlik om goed te doen in jou skoolwerk. Daarom dink ek dat dit 'n baie goeie idee sal wees as ons moontlik 'n bietjie langer skool gaan, ongeveer tot drie-uur. As jy dan uit die skool kom, moet jy jou skriftelike huiswerk klaar hê en nie nog nodig hê om tot wie weet watter tyd in die aand daarmee te sit nie. Dit sal nie beteken dat 'n mens meer periodes per vak moet hê nie, maar net langer periodes. Die onderwyseresse moet die kinders egter ook tegemoet kom en net soveel huiswerk gee as wat die leerling in die verlangde tyd kan klaarkry. As jy dan nog sport wil beoefen, sal jou skoolwerk nie soveel daaronder hoef te ly nie en kan jy met 'n skoon gewete gaan netbal, tennis of watter ander spel beoefen.

Leerwerk en take sal nog steeds 'n hoofpyn bly, maar dan het mens meer tyd om daaraan te bestee.

**Wrak**

Liewe Affiena,

Hierdie is die laaste Stroom-op wat hierdie jaar sal verskyn. Daarom dink ek dit is gepas om as 'n st. 9 leerling 'n woordjie tot die matrieks van Affieland te rig.

Die dag toe ek in st. 6 gekom het, het ek gewonder hoe dit voel om in so 'n hoë standerd soos matriek te wees. Noudat ek byna daar is kan ek sien hoe die matrieks voel.

Hulle het met vuur en vlam 1973 begin. Die eerste 2 weke moet die arme sesies dit ontgeld.

Later het die eksamen met groot oë geloer. Die matrieks het met mening onder die boeke ingespring.

Die eksamen het gekom en gegaan. 'n Heerlike 3 weke vakansie het voorgelê!

By dit alles het die matrieks nie net vir die innerlike nie, maar ook vir die uiterlike gesorg. Hulle het eintlik so weg gekrimp soos hulle ,,gevas" het. Ek is seker daar was meer as een onderwyseres wat hulle bekommerd agterna gekyk het. Pouses het die tiene net wenke uitgedeel oor die doeltreffendste manier om gougou van die laste, wat jou verhinder om ligvoets te beweeg, ontslae te raak. (Hulle het seker die dansvloer voor hulle geestesoog gesien).

Nou is hulle al sover dat hulle hul rokke vir die groot aand aan mekaar beskryf.

Die sokkerwedstryd was ook daar gewees en die matrieks het weer eens aan ons bewys dat hulle 'n besondere en 'n onmisbare spesie in Affies is.

Vir die matriekafskeid wens ons julle min kilogramme toe.

Wat die eindeksamen betref, leer maar lekker!

**M. Botha (9D)**

**SEWE ONUITPUTLIKE BRONNE VAN PLESIER**

1. Om 'n toelaatbare rede te hê om die klas vir 'n periode of twee te kan verlaat.
2. Om 'n vry periode te hê.
3. As 'n toets uitgestel word.
4. Om 'n onderwyseres in verleentheid te sien.
5. As 'n onderwyseres vergeet om huiswerk te gee.
6. Om vroeg huis toe te gaan.
7. Om 'n swak toets terug te kry en dan uit te vind dat die onnie tien persent se punte nie bygetel het nie.

**Luilappie. 10C**

Liewe Affiena,

**'n Wens;**

Wens jy nie ook soms, meer as vir enigiets anders, vir tyd nie? Daardie kosbaarheid wat 'n mens so maklik ontwyk en voor jou vlug.

En hoe vinniger jy hardloop om dit in te haal, hoe ratser word dit, sodat dit soms met 'n kekkellag in die niet verdwyn.

Elke dag sien ek hoe dit by my verbyvloei, vinniger en vinniger, sodat ek byna nie meer afsonderlike gebeurtenisse kan onderskei en intens ervaar nie.

Voel jy ook soms 'n oomblik, die vlietende vrees wat volkome van jou besit neem, want jy gryp met honger vingers na die tyd, maar dit is soos die water, dit lag jou uit en vloei verby.

Soms kyk 'n mens na jou gesig in die weerkaatsing vann die lewe en dood op die ongelyke oppervlakte.

So vervloei die hede met die verlede en jou vrees vir die toekoms en dit word geverf in vlugtige kleure op die rivier van die tyd wat by 'n mens verbygaan, altyd verbygaan.

Daarom, waardeer altyd die huidige oomblik, geniet en benut dit ten volle, leef dit ten volle uit. 'n Mens weet nie wanneer jy dalk nie meer die geleentheid sal hê nie...

**KERNEELSIE**

Liewe Affiena,

Ek was so diep ontroer deur die brief wat my geliefde – 'n amateur motorwerktuigkundige, aan my gestuur het, dat ek dit graag met almal wil deel. Hier volg die brief:

,,Liefste Sienatjie,

Oor jou dreun my hart soos 'n kar waarvan die bearings knock. Die liefdesdrome vloei deur my hart soos water deur 'n ou radiator. Met jou vaartbelynde lyf soos die van 'n 1956 Mercedes-Benz het jy 'n nasionale pad deur my hart gejaag.

My hart is gepuncture deur onverwagte deviations en slegs met die solutions van ou liefde kan dit weer gepatch word. As ek jou sou aanskou klop my hart soos 'n ou Ferguson-trekker.

Gee my tog net die ja-woord en jy sal my sien reverse tot in jou arms. Moet tog net nie dat jou liefde vir my so gou in low gear gaan nie. As jy my nou in die steek laat sal ek sommer koers kry met Super Shell.

Ag draai tog die stuurwiel van jou liefde in my direction, want sonder jou is my lewe 'n breakdown."

Pragtig, nie waar nie. Sug...

**Sienatjie.**




SAKENOOI

Amanda Stoltz van st. 9 is sommer 'n baie wakker Affie. Die gemak en bekwaamheid waarmee sy advertensies werf, voorspel vir haar 'n groot toekoms in die sakewêreld.


**NUWE RESEPTEBOEK:**

*SOUTHAPPIE RESEPPIES*




**Saamgestel**

**deur**

**Antoinette Bezuidenhout**

**Onthaal sommer groot en lekker met die volgende:**


- **Kaasstrooitjies en kaashappies**
- **Kaaskoekies met kapokaartappels**
- **Blatjangvingers en kaastertjies**
- **Broodhappies met maalvleis**
- **Wielbroodjies en uiekrulle**
- **Southappie-wieletjies**

*SOUTHAPPIE-RESEPPIES is propvol nuttige resepte. Dit kos R2.80 en is verkrygbaar by*

van schaik se boekhandel

SUNNYSIDE HATFIELD LYNNWOODWEG

*Dit is uitgegee deur Uitgewery Bezuidenhout (Edms.) Bpk., Posbus 17077, Groenkloof, Pretoria. Tel. 78-4099.*



*L.M. Rossouw, kaptein van die span, neem die Rautenbachtrofee in ontvangs.*

# DRIEË BY DOSYNE

**DANKSY 'n skittervertoning deur die driedrukspan het Affies se rugbyseisoen op 'n glansryke hoogtepunt geëindig.**

Die span wat as kampioene van die driedrukkompetisie uitgetree het, hou baie belofte in vir die komende seisoen. Die opvallende kenmerk van hierdie span is die besondere balans wat die spelers deurgaans handhaaf. Daar word nie te veel klem gelê op enige aspek van die spel nie. Die voorspelers maak sag voorlangs en die agterlyn dra die bal. Die samespel en aansluiting van voor- en agterspelers is nog 'n tipiese kenmerk van die spelpatroon. Kortom, hierdie span het 'n stewige grondslag gelê vir 'n sterk Affies-patroon volgende seisoen.

Die voorry is stewig en beweeglik, die slotte lank en sterk, en die losvoorspelers besonder effektief. Die agterlyn het baie deurdringbaarheid maar miskien kan L.M. Rossouw beter gebruik word op senter. Wieletjies van Heerden sal ook nog hard moet werk om reg te wees vir die volgende seisoen.

Die beserings wat vanjaar se senior rugby gekenmerk het, het ook hier nie uitgebly nie. Piet van Wyk het in die wedstryd teen Brits Landbou 'n ernstige enkelbesering opgedoen. Dit is moontlik dat hy nooit weer sal kan rugby speel nie.

Ons moet ook aan mnre. Kruger en de Vos erkenning gee vir die afrigting en inspirasie van hierdie span.

Mag die Administrateurs beker volgende jaar weer huistoe kom!

# *Landlopers Sprankel!*

Die belangstelling in landloop was hierdie jaar weer eens hoog en dit is veral verblydend dat 'n groep juniors hulle toegewy het aan landloop. Die program was besonder druk maar tog het heelwat landlopers nog kans gesien vir Rugby.

Affies was by elke byeenkoms goed verteenwoordig en Inter-Provinsiale wedlope word hierby ingesluit. Piet Louw, Herman Fourie, Gert v.d. Westhuizen en Jan Marais is telkens gekies om Ntvl. te verteenwoordiger en het baie goed gevaar.

Die Noord-Transvaalse Skole landloop Kampioenskappe wat op 28 Julie gehou is te Pta-Wes is deur 54 skole bygewoon. Dit is duidelik hoe goed affies gevaar het. Hulle het in die 0/15 afdeling die 2de plek van die 54 ingeneem. Die reeds genoemde 4 atlete is ook toe gekies om Ntvl. te verteenwoordig.

Oudergewoonte het Affies gou die voortou in die liga's ingeneem maar moes vanjaar menige trofeë aan Menlopark afstaan, wie toe ook uiteindelik die liga gebuit het. Nietemin het Affies hard probeer en in twee van die drie afdelings die tweede plek en in die ander afdeling die derde plek bekleë het.

Met 'n afrigter soos Mnr. Willie Vermeulen kan dit nie anders as goed gaan nie en sal die prentjie volgende seisoen heel anders daaruit sien. Met die vriendelike hulp van Mnre. van Schalkwyk en Vermeulen is daar hierdie jaar weer 'n landlooptoer gereël. Almal wat die eerste toer meegemaak het sal weet dat dit definitief die moeite werd sal wees. Dan moet daar onthou word dat die landloopspan van A.H.M.P. ook saamgaan!!!

Heel aangenaam!

Alles van die beste vir Herman Fourie en Jan Marais wat Noord-Transvaal by die S.A. Kampioenskappe in Durban gaan verteenwoordig! Mag daar volgende seisoen meer Affies in die span wees.

**Die ,,Langasems"**

*NÓÚ is die aangewese tyd om die*

**VERSAMELDE WERKE LANGENHOVEN**

van te bekom

**van schaik se boekhandel**

die stel bestaan uit sestien dele meer as veertig werke van Langenhoven bevat. Dis 'n kans wat 'n mens nie kan laat verbygaan nie.

**posbus 724** **pretoria**

# *AHS EN PBH HOU DEBAT*

**Dit was 'n geskiedkundige** oomblik toe die voorsitter van die debat, Eric Johnston op Donderdagaand 23 Augustus opstaan en die eerste tussenskoolse debat tussen A.H.S. en P.B.H. oopstel.

'n Geskiedkundige oomblik sê ek, want in die 53 jaar van die bestaan van Affies het ons, sover bekend, nog nooit 'n debat saam met of teen Boys' High gehou nie.

Die onderwerp van bespreking was: ,,Nasionale diensplig moet afgestel word." Die sprekers daarvoor was Chris Nixon (P.B.H.) en L.M. Rossouw (A.H.S.); en daarteen Christiaan Fismer (A.H.S) en Gideon Erasmus (P.B.H.) Die toesprake was deurentyd van 'n hoë gehalte, met net sulke puik opluisteringsitems – 'n fagotteduet en 'n item deur die ,,P.B.H. Folk Music Society." Die uitslag was na hewige argumentering, dat nasionale diensplig nie afgestel moet word nie.

Die sowat 200 debatgangers sal met my saamstem dat 'n debat geskoei op hierdie grondslag, die mooi verhouding tussen ons twee skole verder gaan uitbou. Dit is die hoop van die organiseerders van die debat dat Donderdagaand 23 Augustus die begin van 'n lang pad saam, ook op hierdie pragtige gebied, was.

TELEFOON: 2-0884
Tel. Ad.: GUNFIRE

POSBUS 102
310 KERKSTR.-OOS

GROENEVELD EN HICKS (EDMS.) BPK.

HANDELAARS IN WAPENS, AMMUNISIE EN VISGEREEDSKAP

IS VISVANG EN SKIET U LEWE?
KOM DAN NA GROENEVELD & HICKS (EDMS.) BPK. VIR DESKUNDIGE FLINKE EN VRIENDELIKE DIENS TEN ALLE TYE.

ONS SPESIALISEER IN:

- NUUTSTE GEWERE EN AMMUNISIE
- VISGEREI VIR DIE KIESKEURIGE HENGELAAR
- EN REPARASIES WAT DEUR DESKUNDIGES WAARGENEEM WORD.

AS U 'N BUITELUG MAN IS HOU ONS DAN IN GEDAGTE

# *Belowende Krieket*

Die krieketseisoen is al byna in volle swang en ons kan gerus begin deur 'n vinnige voorraadopname te maak.

### JONG SPELERS

Die eerste elftal kan baie gebalanseerd saamgestel word. Johan Hamman en Danie Theron vorm 'n goeie openings-kombinasie vir die boulaanval met Tian le Roux en Konrad le Roux as handige aflosboulers. Jong spelers soos Philip Pretorius en Stephan Smidt kan ook waardevol gebruik word.

### DIEPTE

Die kolflys toon gerusstellende diepte. Tot op die derde paaltjie is aanvallende kolwers soos Niekie Michau, opgevolg deur 'n stewige middelorde met manne soos A.C. Myburg en Theo van Rooyen, met 'n stertkan wat skielike verwoesting kan saai. Met 'n op-en-wakker paaltjiewagter soos Hennie Oosthuizen behoort die veldwerk goed afgerond te wees.

Die Afrikaanse Hoërskole elftal word reeds vroeg in die vierde kwartaal gekies en ons het hoë verwagting betreffende Affies se verteenwoordiging in die span.


### NUFFIELD

Konrad le Rroux, Johan Hamman en Tian le Roux is ook besliste aanspraakmakers op die Nuffieldspan wat na afloop van die Bernard Mitchellweek in Desember gekies word.

Stephan Smidt behoort sterk aanspraak te maak op die onder vyftien provinsiale span terwyl Willie Geringer van die onder veertiens gerus dopgehou kan word.

**JOE'S CASUALS**
FOR JEANS AND CASUAL WEAR . . . .
**225 CENTRAL ST.**

**GOLDFIELDS MOTOR CYCLE**
**Pretoriusstr.**



**YAMAHA 50 STREET FS1**

SPECIFICATIONS

| | |
|---|---|
| **PERFORMANCE** | |
| Max. speed range | 90–95 km/h (56–59 mph) |
| Climbing ability | 18 degrees |
| Min. turning radius | 1,800 mm (70.9 in.) |
| Min. braking distance | 7.0 m @ 35 km/h (23.0 ft. @ 22 mph) |
| **ENGINE** | |
| Type | 2-stroke, Rotary valve, Single |
| Displacement | 49 cc (2.99 cu. in.) |
| Bore & Stroke | 40 x 39.7 mm (1,575 x 1,563 in.) |
| Compression ratio | 6.9 : 1 |
| Max. horsepower | 6 hp @ 9,000 rpm |
| Max. torque | 0.5 kg-m (3.6 ft-lb) @ 8,000 rpm |
| Lubrication system | Autolube |
| Starting system | Primary kick starter |
| Transmission | 5-speed gearbox |
| **DIMENSIONS** | |
| Overall length | 1,755 mm (69.1 in.) |
| Overall width | 555 mm (21.9 in.) |
| Overall height | 935 mm (36.8 in.) |
| Wheelbase | 1,160 mm (45.7 in.) |
| Min. ground clearance | 135 mm ( 5.3 in.) |
| **WEIGHT** (Net) | 70 kgs. (154 lbs.) |
| **FUEL TANK CAPACITY** | 6.0 lit. (1.6 US gal.) |
| **OIL TANK CAPACITY** | 1.4 lit. (1.5 US qt.) |
| **TIRES** Front | 2.25–17–4PR |
| Rear | 2.50–17–4PR |

** Specifications subject to change without notice.*

**YAMAHA ZÜNDAPP SUZUKI**



## puerrarum Artes

### BY DIE GRAF

*Die kis sak stadig weg,*
*raak sag die aarde nog so rou.*
*Familie staar verstom, oorstelp,*
*genadeloos in smart gewerp.*

*Die eerste droë kluite klap;*
*wag tog eers, wil ek uitskree*
*maar magteloosheid smoor my-*
*verpletter my soos die wit angelier.*

*Die laaste blomblaar het verdwyn*
*en meteens skei ligjare ons.*
*O sipresse ween saam met my,*
*ag aarde verswelg my ook.*

*Later sal nag soos 'n sydoek*
*'n eensame hopie grond omsluier.*
*En gemeng met soete blommegeur*
*sal die ademlose stilte neerdaal.*

**Denise Potgieter 10A**

—ooOoo—

### NEUROSE

'n Mens wat bleek
en doods
al deur 'n donker
wêreld stap
en sug en klae
en wens
die dood moet
kom, want
die liggaam is
moeg en
die siel is dood

**L. Beyers**

### VERSKUILDE DIEPTES

Kyk dan in my oë, kyk,
Deurboor die skynglans
van dooie blouklip verbleik
Deur baie trane, of die glas
wat van jou vraende blik wyk.
Reik tot in my siel, vlek oop
die rooi waarheid van my hart
wat ek probeer doop
in koue onverskilligheid

**Kerneelsie. 10A**

—ooOoo—

## PLEASE REMEMBER:

### ARE WE FAILURES?

*Am I such a failure if I can't get up at morn?*
*Am I such a failure if I hate the coming dawn?*

*One another everyday is passing by so soon*
*Just the moment you start living you should see it's noon.*

*Take your life with both hands . . . .*
*And make the best you can.*

*Try to see the flowers and the trees*
*and look attentive at the working of the bees.*

*And when it rains – think how the dry plants hap'ly hark*
*and try to forget about the picnic in the park.*

*For we are all just failures thinking of ourselves all day*
*and always worrying how to let our problems pass away.*

*And me as such as failure are trying to get t'your mind*
*take others in consideration and try to be more kind.*

**Anet Strydom 9D**

### HARTSEER-MELODIE

*Eentoinge weegeklank -*
*Doelloos, nootloos, geen klank*
*'n Getokkel, -*
*Verlangend -?*
*Om die rooi-geel vuurtjie,*
*Oud en krom*
*„Tula, tula!"*
*Bewering en brekerig*
*Kom die toonloos sang*
*Verlange?*
*Hartseer?*
*Hier's my huldeblykie Outa Ben -*
*My kitaar,*
*En 'n kleine botterblom*

**Stertjies 7A**

**Opgedra aan Ronel.**

### GOUE UUR

*Goudlelies lag in die geurende blou,*
*Ligblonde sondruppels kus hulle sag.*
*Silwerbrokaat van vonk'lende dou*
*omvou sag hul saffraangeel lag.*

*Dart'lende duiwe wat sing in die ruim:*
*vredesimbole van alles wat leef.*
*Skone en reine wit spatsels van skuim*
*onder marmergewelwe wat krul en sweef.*

*So wil ek sweef in my sieleruimte:*
*pynloos en ver van weemoed en smart -*
*vrede en rus vind in koele asuur.*

*So wil ek droom in die wyd onontdekte*
*en bewaar in die rus van my hart*
*vonk'lende beelde van dié goue uur.*

**Denise Potgieter 10A**

### MEDIUM

**Hoewel hulle so dikwels weier om dit te erken en selfs soms heftig daarteen te velde trek, is die jare van tiener wees vir meeste mense 'n hewige emosionele ondervinding. Haat, woede, intense meelewing met alles in die omgewing, 'n ontdekking van die natuur om jou en nuwe gewaarwordinge binne in jou, teleurstelling, rebelsheid, en liefde – al hierdie dinge maak deel uit van die tiener se daaglikse bestaan en moet op een of ander wyse tot uiting kom.**

Medium bied vir elke Affie so 'n geleentheid. Omdat tieners soos julle 'n paar jaar gelede die noodsaaklikheid van so 'n „uitlaatklep" raakgesien het, het Medium '70 tot stand gekom. Die bladsye is getik en afgerol, die omslae handgedruk en die blaadjie moeisaam aanmekaar gekram, een vir een. Deesdae word „Medium" gedruk en lyk hy al byna professioneel, en miskien spog hy al met die eerste pogings van 'n toekomstige Suid-Afrikaanse digteres – wie weet?

„Medium" verskyn eenmaal per jaar en is die verantwoordelikheid van die seniors. 'n Redaksie van ongeveer 6 lede keur self die bydraes wat hierdie jaar die 100 merk oorskrei het. 'n Kopie word dan ook jaarliks aan al die Pretoriase hoërskole gestuur met die hoop dat ander tieners deur ons belangstelling in die letterkunde aangevuur sal word.

Ons poog om deurgaans 'n hoë standaard van poësie en prosa te handhaaf waarvan die volgende uittreksels uit hierdie jaar se „Medium" 'n bewys sal wees;

„. . . die grys-klip berge lyk soos die skets van 'n onvoltooide skildery teen die wit wattewolkies."

**V. du Plessis 10C**

„A ruddy-yellow haze of Autumn sweeps over my mind, dulling sense and sound and sight of you . . ."

**H. Uderstadt 9A**

"Fear –
grabling at my instincts,
clutching at my reason..."

**A du Toit 10B**

Aldus "Medium" – stel jy belang?

**Die Redaksie**

## TAIRY FALE

**ONE day, dong, dong, alo, a little girl was born to a quing and keen in a far distant land. She was a theet little swing, so they called her Beeping Sleauty.**

When the child had grown into a meautiful baiden, a fad bairy cast a spell on her. One day after having fricked her pinger with a ninning-speedle, she fell down, fast asleep. Thus she hept for a slundred years.

Wick thoods, which no-one could penetrate, surrounded the castle in this time. Then, one day, handsome Chince Prarming came along and cut his fay through the worest.

When he at last reached Beeping Sleauty, he bent down gave her a kremendous tiss. Amazingly, Beeping Sleauty opened her eyes and wazed in gonderment at the handsome prince. The bell had been sproken!

Of course, Chince Prarming married his Beeping Sleauty at once, and they lived happily ever after for the lest of their rives.

An ardent admirer of the grothers Brimm

### DIE STRYD

*Sokker het ons gespeel,*

*Donderdag soos gereël.*
*Die fluitjie blaas*
*en almal haas,*

*in die rigting van die bal,*
*maar o tog, wat 'n groot val.*

*Hul sê sy is in matriek.*
*Siestog, sy lyk net te siek.*
*Die pynpolisie word gesoek,*
*(dié sit êrens in 'n hoek).*
*'n Senior soek 'n rokkie gou,*
*hare kon die val nie hou!*

**M. Botha 9D**

**NOODBERIG:**

Alle Affies word gewaarsku. 'n Nuwe produk het op die mark verskyn, wat 'n groot gevaar inhou vir Affieland. Dit maak die Affies toe en verdig hulle verstandelike vermoëns. Wees op julle hoede daarteen! Naam van die produk: Close-up.

**Blitspatrollie 10C**

### DIE STROOMOP REDAKSIE VAN 1973

Annatjie Hauman
Gerda Venter
Ronel Lochner
Vida du Plessis
Sarina Naudé
Annelize Odendaal
Marietta Brink
Hendrine de Wit
Rickie Lombaard
Leigh de Beer

Ons hoop dat die Affies die jaar lekker gelees het aan hul eie koerant. Die swygende meerderheid word weer eens daaraan herinner dat STROOM-OP julle eie mondstuk is. **Julle** moet vir die inhoud sorg. Ons hoop op 'n ontwaking in dié geledere.

Vir ons gereelde bydraers sê ons dankie – mag julle penne steeds aktiewer word!

GENIET DIE VAKANSIE

## LAG 'N BIETJIE

WAARSKUWING

**(Vinkie):**

Moet nie na debat vir 'n wandeling in die skooltuin gaan nie, julle sal in die Proteatuin verdwaal. (Met apologie aan die Groen Erfenis jaar).

**Mev. Dorey:**
Susan! Het jy jou hare gekleur?
Susan: Jjaaaa juf - frou.
Mev. Dorey: Dis baie lelik, my kind, baie lelik. (Hiervan kan ons aflei dat die neiging vir die matriekafskeid vanjaar die natuurlike voorkoms is)

**Waarskuwing aan matrieks:**
Oppas om jou hare in die verkeerde kleursjampoe te was. Jy mag die indruk skep dat jy nie op hoogte van hierdie nuutste modeneiging nie. Behou dus die oorspronklike kleur!

SÊGOED

**Mevrou de Vos:** (vergelykenderwys)

'n Ongepolariseerde golf (chemiese taal) –
'n Wors wat mal geword het (De Vossikaans)
Bewegende elektronstroom met magneetveldlyne daaromheen (chemiese taal) –
Ertjies op 'n wasgoeddraad met 'n grammofoonplaat daaromheen (De Vossikaans)

**Vinkie:**
Ons hou baie van die nuwe mat in die skoolsaal, maar ons geniet dit nog meer om as stofsuiers op te tree elke oggend na saal. (Sy het vergeet om by te las dat die mat dit dalk nie geniet nie.)

**Mevrou Hartman:** (terwyl ek en 'n mede-standerd tiener wat veiligheidshalwe anoniem wil bly oor die gras loop weens die beperkte breedte van die sementpaadjie)
Loop julle miskien op die gras?
(Ons het nie geantwoord nie, net vriendelik geglimlag. Wat kon ons antwoord?)

## SPORTMAN VAN DIE JAAR

# ALWYN GERBER

**Wanneer mens 'n rukkie met Alwyn Gerber gesels het, en iemand sou aan jou die vraag stel wat jou die meeste opgeval het van hom, sou sy sonder vrees vir enige teenspraak kan sê: sy beskeidenheid.**

**Hierdie nederige leerling wat beskeie en op sy plek gebly het, ondanks alles wat hy reeds op so 'n vroeë ouderdom bereik het, is op 15 Oktober 1955 in Pretoria gebore. Hy ontvang sy laerskool-opleiding aan die Laerskool Pretoria-Oos, waar hy veral sy merk op die rugbyveld gemaak het as kranige losskakel. Op hoërskool verskuif die klem na gimnastiek en onderskei Alwyn homself as een van die beste sportmanne wat die Afrikaanse Hoër Seunskool nog opgelewer het. Alwyn bewys homself ook as voorbeeldige leier en word gekies op die prefekteraad van 1973.**

Alwyn Francois Gerber, kom soos die meeste goeie sportmanne, uit 'n sport-gesin. Sy pa was 'n Noord Transvaalse atleet in sy jongdae, en sy ouer broer Bokkie, 'n oudleerling van die skool, het al self Suid-Afrika verteenwoordig in gimnastiek. Die jongste van die Gerber-broers, Johan, is vinnig besig om in sy broers se voetspore te volg en is onlangs gekies vir die Noord Transvaalse gimnastiek-span.

Gimnastiek is by uitstek 'n spesialisasie-sportsoort. Waar jy in atletiek byvoorbeeld al jou aandag kan wei slegs aan een item, moet jy in gimnastiek ses verskillende apparate baasraak. Alwyn presteer dan ook die beste met die vloeroefeninge, waarin hy die heersende Suid-Afrikaanse kampioen is. Verder word gimnastiek verdeel in sewe grade: van eerste graad; beginners, tot by sewende graad; senior mans en dames. Eers in st4 begin Alwyn; of Alla, soos hy bekendstaan, aan gimnastiek deelneem. Alhoewel hy Noord Transvaal in al die grade verteenwoordig het, bereik hy geen noemenswaardige suksesse op die Suid-Afrikaanse kampioenskappe nie.

Sy eerste deurbraak kom in 1969, toe hy gekies word om Suid-Afrika te verteenwoordig op die wêreldwye gymnaestrada: 'n Gimnastiekfees in Switzerland.

Hierna was sy opgang legendaries en in 1972 behaal slegs hy en die bekende Francois Stander die Olimpiese standaard van 8,5 punte op elke apparaat. Hy verwerf sy Springbok-baadjie met hierdie prestasie en word daarna gekies vir 'n toer na Europa saam met 5 ander mans en 6 dames. Hierna ding hy mee in Suid-Afrika in 'n toetsreeks teen die Japanese. Vir die res van die jaar was hy egter gekortwiek deur beserings en kon hy nie deelneem aan die S.A. Spele en die S.A. Bekerkompetisie nie.

In 1973 word hy weer gekies vir die Springbokspan vir 'n oorsese toer. Hulle neem deel aan 'n Duitse Sportfees in Stutgart asook in toetsreekse in Switzerland en Israel. So goed presteer Alwyn op hierdie toere dat hy tans, saam met Francois Stander, gereken word as die beste gimnas in Suid-Afrika.


Alwyn het uit die aard van die saak nie baie vryetyd nie, omdat gimnastiek ontsettend baie oefening verg. Saam met sy broer Bokkie oefen hulle vir ongeveer 2 uur 'n dag, elke dag van die week – buiten Sondag. Tydens hierdie sessies doen hulle basies opwarmingsoefeninge, apparaatoefeninge en krag-oefeninge. Verder moet hy nog tyd vind vir sy akademie, maar ook hier is sy prestasies van so 'n aard dat hy homself kan beywer om aan die einde van die jaar 'n eersteklas te behaal.

Hoe voel Alwyn oor gemengde sport in gimnastiek? Hy beskou dit totaal onnodig dat nie-blankes oorweeg moet word vir Suid-Afrikaanse spanne, aangesien hulle nog nooit enige bewys gelewer het dat hulle gimnastiek kan baasraak nie.

Oor die administrasie van gimnastiek in Suid-Afrika voel hy 'n bietjie ongelukkig. Hy meen dat hulle organisasie is nie altyd na wense nie en noem ook dat Springbok-gimnaste wat gekies word vir oorsese toere al hulle onkostes, wat klere betref, self moet betaal. Afrigters van 'n hoë standaard is so skaars soos hoendertande en die oefengeriewe wat tot beskikking van die gimnaste gestel word, is nie genoeg om te voldoen aan die groot aanvraag nie.

Ondanks al die probleme en die groot opofferinge wat hy moet maak, is Alwyn vasbeslote om homself onteenseglik te bewys as Suid-Afrika se beste gimnas. Met sy vasberadenheid, deursettingsvermoë en beskeidenheid, bestaan daar geen twyfel dat hy dit beslis sal regkry.

**C. FISMER**



*Alwyn Gerber, Affies se uitstaande Springbokgimnas.*

## BO-15 TENNIS

In die bo-15 liga is daar vyf spanne ingeskryf.

**4DE EN 5DE SPANNE**

Hierdie twee spanne het harde tennis gespeel en goed opgeweeg teen die sterk kompetisie waaraan hulle moes meeding.

**3DE SPAN**

Die 3de span het hulleself oortref deur die finaal te bereik van die Pretoria liga. Die finaal het hulle op Brits, teen Britshoër gespeel en naelskraap verloor. Baie geluk aan hierdie span wat 'n mooi veggees en sportmanskap openbaar het.

**2DE SPAN**

Die 2de span het dwarsdeur die jaar goeie tennis gespeel en die finaal bereik van die Pretoria liga. Die finaal moes ons teen Affies se 1ste span speel maar om die 1ste span 'n kans te gee om die administrateursbeker te wen het ons die wedstryd goedhartig aan hulle toegestaan.

Ondersteun ons Adverteerders

## Atletiek 1974

Die atletiekklub voer vanjaar 'n splinternuwe dimensie in by Affies se skoolatletiek.

Vir die eerste keer sal die atlete dwarsdeur die vierde kwartaal 'n formele oefenprogram volg. Die atlete sal onder leiding van mnr. Langley twee maal per week met gewigte oefen en twee maal per week baanoefening doen.

KARPERDE

Volgens mnr. Claassen behoort atlete wat die oefenprogram volg, die ander voor die einde van die seisoen soos karperde te laat lyk.

Twee byeenkomste word vir die vierde kwartaal beoog. 'n Standaardbyeenkoms sal vroeg in die vierde kwartaal gehou word. Daarna sal intensief geoefen word vir 'n formele byeenkoms wat vir die einde van die vierde kwartaal beoog word.

As ons die oë ophef, sal ons sien dat skole soos Menlopark en Wonderboom hulle tande slyp vir ons. Mnr. Vermeulen merk tereg op dat ons beslis oor die potensiaal beskik om volgende jaar skoonskip te maak, maar daar is 'n tendens van belangeloosheid wat atletiek betref. Dit is tyd dat elkeen wat oor 'n bietjie talent beskik, die verantwoordelikheid wat op hom rus besef en begin oefen. Dit gaan deursettingsvermoë en toewyding eis, maar elkeen wat sy gewig ingooi sal die vrugte van sy arbeid pluk.

## BESERINGS KORTWIEK RUGBY

**BAIE mense en selfs plaaslike nuusblaaie het die Affies in die begin van die Rugby seisoen heeltemal afgeskryf. Soos daar so baie keer in die verlede gebeur het het die Affies die teendeel bewys. En hulle kritiek as onwaar bewys. Weliswaar het ons nie die Administrateursbeker kompetisie gewen nie, maar onder die omstandighede baie goed gevaar.**

Sommige mense het na hulle neerlae teen Affies met die geykte term voor 'n dag gekom „Die Affies het soveel meer seuns om van te kies vir hulle spanne" wat 'n grap! Hoeveel seuns speel rugby by ons skool. Op die meeste is daar 280 spelers wat aktief die seisoen gespeel het. Watter skool in Pretoria het nie 280 seuns nie?

Een van die groot redes vir die baie skeptiese en kritiserende persone is omdat Affies so 'n ongeëwenaarde rekord deur die jare opgebou het.

'n Baie groot stremmende faktor hierdie jaar was die onnatuurlike hoeveelheid ernstige beserings wat deur die senior spelers opgedoen is. Daar was 22 spelers in die eerste paar spanne wat beseer was. Van die spelers wie die wittrui gedra het was daar 18 wat op die krukkelys was. Watter skool kan met so 'n groot getal beserings so vér in die liga vorder? Twaalf van die beseerdes was agterspelers. Vir die wat nie weet nie, daar is slegs sewe agterspelers in 'n span. Waar kom die spelers vandaan wat die verskillende posisies vul? Die laer spanne word gebreek en het 'n geweldige ketting reaksie tot gevolg.

Daar was op 'n stadium vier losskakels beseer. Daar is net een deurslaggewende faktor en dit is dat die standaard geweldig hoog is by ons skool. 'n Ander groot probleem wat veral teen die einde van die seisoen opgemerk is kon word is dat ons tam geword het vir rugby. Daar was baie seuns wat nog atletiek geoefen het toe begin die rugby seisoen ook.

Die Julie vakansie het die eerste span 'n week gehad voordat die rugby-week by die skool gehou is. Daar het ons in die finale wedstryd gespeel. Die meeste Pretoriase skole hou reeds voor die Julievakansie op met speel. By Affies word daar egter getoer wat baie lekker is maar dit bevorder die tamheid. Nelspruit en Tom Naude het ons ontvang terwyl Grey College ons besoek het. Afgesien hiervna word die semi-finaal en die finaal vir die ligas gespeel. Om vanaf April tot Augustus te speel vat aan 'n mens en die tamheid kry die oorhand. Oor die saak kan daar weer volgende jaar besin word of dit nodig is om so laat in die seisoen aan te hou speel.

Na die gegewens gekyk besef 'n mens dat ons tog nie 'n swak jaar gehad het nie.

jan de waal
MANS UITRUSTERS * MENS OUTFITTERS
Stadsentrum 16 City Centre,
Pretoriusstraat 272 Pretorius Street. Tel. 2-6227

AFFIES
DIT IS NIE MEER NODIG OM DIE HEELPAD STAD TOE TE RY NIE
Ons Voorsien voortaan skryfbehoeftes
GROENKLOOF HARDEWARE
● Speelgoed
● Skryfbehoeftes
● Geskenke
●10% afslag vir alle groot geskenke
DONNAY
● Fietse op bestelling
● Springboklaan 73 Monumentpark
● Foon: 78-9359

# TENNISSPAN SKITTER!

**Affies het 'n uitstekende tennisjaar beleef waar daar geskiedenis gemaak is en groot hoogtes bereik is. Alhoewel daar nie soveel dipte was as voorheen nie het die onderskeie spanne in hulle betrokke ligas baie goed gevaar.**

**1STE SPAN**

Nadat die 1ste span hulle finaal teen die 2de span „gewen" het moes hulle na Pietersburg gaan om in die administrateursbeker mee te ding.

Hulle het Rustenburg 6-0 geklop en vir Nylstroom 8-0. Hulle is toe na Klerksdorp om die semifinaal te speel teen Auckney wat die Oos-Transvaalse kampioene is. Hierdie wedstryd het ons met 5 wedstryde teen 1 gewen. Die finaal moes teen Northview High gespeel word in Johannesburg. Hierdie wedstryd was met spanning gelaai, want die twee spanne was feitlik ewe sterk. Na afloop van die wedstryd was daar bevind dat die aan- tal wedstryd gelykop was met die telling 4-4. Daar moes toe stelle getel word en die was ook gelyk. Nou moes die aantal spelle getel word en Affies wen met twee spelle met die telling 98-96.

Ons sê baie geluk aan hierdie spogspan met die pragtige oorwinning.

**NOORD-TRANSVAAL**

Drie seuns van ons 1ste span is gekies tot die Noord-Transvaal Junior Tennisspan. Hulle sal later vanjaar in die Suid-Afrikaanse Juniorkampioenskappe speel waar spanne van al die provinsies teen mekaar sal meeding. Die seuns is Tienie Prinsloo; Johan Kriek en Cuan Neethling. Gelukwensinge word ook aan hulle oorgedra.

Ons hartlike gelukwensinge word aan die afrigter Mnr Bezuidenhout oorgedra vir die sukses van die 1973 spanne.

**GEMENG**

As ons na 'n gemengde wedstryd van die baan afkom het ons pienk pilletjies nodig om ons te kalmeer alhoewel die meisies dink dat dit 'n goeie wedstryd was. Onder hierdie omstandighede verduur ons hulle nog en sien altyd uit na die volgende wedstryd.

Al die spanne is nog besig om gemeng te speel en sover gaan dit baie goed.

**ONDER-15**

In die onder-15 afdeling is daar vanjaar vyf spanne in die verskillende ligas ingeskryf.

Die B1, B2 en C spanne het goeie tennis gespeel en alhoewel hulle nie hulle bene gewen het nie het hulle goed opgeweeg teen die sterk kompetisie waaraan hulle meegeding het.

Die A2 span het teen die A1 span in die semi-finaal verloor en vandaar het die A1 span die finaal gespeel teen CBC wat hulle ook gewen het. Baie geluk aan hierdie span wat die Pretoria kampioenne is.

Affies het twee onder-15 spanne ingeskryf vir die Appletizer kompetisie wat in Desember op Stellenbosch beslis word. Die 2de span het verloor teen die span van C.R. Swart. Die 1ste span het die span van CR Swart geklop en daarmee ook die streek gewen.

**GEMENG**

Al vier die spanne wat vir die gemengde liga ingeskryf het is nog steeds besig om uit te speel. Dit gaan baie goed en die finaal word hierdie week gespeel.

**C. Vermeulen**



*Die kampioenspan, Kobus Visser, Tini Prinsloo, Cuan Neethling en Johan Kriek.*

VIR DESKUNDIGE, FLINKE EN VRIENDELIKE DIENS: KOM NA

**BOET READ SPORT**

VOLLEDIGE SPORTUITRUSTERS
Posbus 3094
TEL.: 3-1149
Pretorium-deurloop 110
PRETORIA

# Mooi so



Baie geluk aan die span wat die Transvaalse Netbalkampioenskappe op die 18de Augustus gewen het. Deur baie harde oefening en spel het hulle geen wedstryde verloor nie, alhoewel die span aan die begin van die derde kwartaal verander moes word, daar Leonie Gouws haar rug beseer het.

'n Wedstryd wat ons nie gou sal vergeet nie, is dié teen Bergsig Hoërskool waar ons eers in die tweede helfte regtig begin saamspeel het. Die stryd teen H.F. Verwoerd was uiters spannend maar gelukkig het Affies met een punt gewen. Onthou 0/14's die stryd gaan nog volgende jaar voort!

Op die foto verskyn: Mej. Elsabé Hirshorn (afrigster), Ora Joubert, Hanlie Schoeman, Leonie Gouws, Karin Kellerman en voor: Annelize Mentz, Rina de Wet, Monquie de Lange en Melissa Allan.




**HOU VAS, LINDA!**

Wie van ons in Affieland is bewus van die kranige ruiter hier in ons midde? Die springende meisie is Linda Nel wat nou in standerd 8 is. 'n Mens moet dit ook in gedagte hou dat sy maar slegs 'n paar jaar gelede begin perdry het en nou presteer sy al so goed. By menige kampioenskappe en skoue het sy die eerste plekke verower en hierdie jaar het sy besonder goed presteer met haar springitems.

# *Ons Landlopers Wat So Pragtig Presteer Het*

**A.H.M. is sommer baie trots op hulle flinke landlopers. V.l.n.r. is: I. Trengove, R. Evans, E. Prinsloo, A. Botha, E. Nel en S. Kritzinger.**



**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS!**